PREDIKANTE PENSIOENFONDS VAN DIE NED. GEREF. KERK IN SUID-AFRIKA
https://www.ppfkaapkerk.co.za / pensioen@kaapkerk.co.za / 021 957 7115
Registrasienommer: 12/8/3615 – Privaatsak X8, Bellville, 7535

REËLS VAN DIE
PREDIKANTE PENSIOENFONDS VAN DIE
NED. GEREF. KERK IN SUID-AFRIKA
REGISTRASIENOMMER – 12/8/3615

Geldig vanaf 1 Mei 2023 na Reëlwysiging 10

Hierdie reëlboekie is 'n samevoeging van die oorspronklike reëlboek en die goedgekeurde reëlwysigings in die laaste jare. Reëlwysigings 7 tot 10 word in kleur aangedui ten einde makliker te sien waar iets verander het:

Blou: Reëlwysiging 7: Geldig vanaf 1 Januarie 2018 [Goedgekeur: 11 Mei 2018] [IFLA]
Pers: Reëlwysiging 8: Geldig vanaf 1 Maart 2018 [Goedgekeur 20 Junie 2018] [Uitgestelde afgetredenes]
Rooi: Reëlwysiging 9: Geldig vanaf 1 September 2021 [Goedgkeur 22 September 2021] [Vrystaat word deel van die PPF]
Groen: Reëlwysiging 10: Geldig vanaf 1 Mei 2023 [Goedgekeur 20 Augustus 2023] [Pensioentrekkers word deur een lid op die Beheerliggaam verteenwoordig]

Let wel: In die geval van 'n dispuut sal die amptelik reëlwysiging, soos gestempel deur die FSB/FSCA, die geldige reël wees. Hierdie saamgevoegde reëlboekie is bloot vir maklike verwysing.

INDEKS

1. ALGEMEEN 1
2. OMSKRYWINGS 1

3. DEELHEBBER DEELNAME EN LIDMAATSKAP 5
3.1 Deelhebbers 5
3.2 Lede 5
3.3 Hertoetrede na aftrede voor ouderdom 65 jaar 5
3.4 Hertoetrede na Colloquium Doctum 5

4. BYDRAES 6
4.1 Bydraes deur Lede 6
4.2 Bydraes deur Deelhebbers 6
4.3 Addisionele vrywillige bydraes deur Lede en Deelhebbers 6
4.4 Fondsrekeninge 6

5. AFTREEVOORDELE 8
5.1 Aftrede uit diens 9
5.2 Voordeel 9
5.3 Betaling van Voordeel 9
5.4 Kommutasie van Voordeel 9
5.5 Aansoek om pensioenvoordele 9
5.6 Bepalings van toepassing op ’n Uitgestelde Afgetredene 9
5.7 Oordrag na ’n Goedgekeurde Uittredingsannuïteitsfonds 10

6. STERFTEVOORDELE 10
6.1 Voordeel 10
6.2 Betaling van Sterftevoordele 10

7. DIENSBEËINDIGING 10
7.1 Voordeel 10
7.2 Betaling van voordeel 10

8. AFWESIGHEID 11

9. OORDRAGTE 12
9.1 Ooreenkoms tussen die Sinodale Pensioenfondse 12
9.2 Oordragte na die Fonds 12
9.3 Oordragte uit die Fonds 12

10. ONTBINDING EN GEDEELTELIKE ONTBINDING VAN FONDS 12
10.1 Ontbinding van die Fonds 12
10.2 Gedeeltelike Ontbinding 13

11. AFTREKKINGS VAN VOORDELE 14

12. BESTUUR VAN FONDS 14
12.1 Beheerliggaam 14
12.2 Ampstermyn 16
12.3 Onbevoegdheid vir die amp van ’n lid van die Beheerliggaam 16
12.4 Vergaderings van die Beheerliggaam 17
12.5 Ander aanstelling 17
12.6 Skadeloosstelling van Fondsbeamptes 17
12.7 Subkomitees 17

13. FINANSIËLE BEPALINGS 18
13.1 Beleggings 18
13.2 Uitgawes 19
13.3 Rekeninge 19
13.4 Rente op die laat betaling van voordele 19
13.5 Aktuariële Waardasies 19

14. ADMINISTRASIE VAN FONDS 20
15. WYSIGINGS 20
16. VERTOLKING VAN REËLS EN DISPUTE 21
17. DIVERSE BEPALINGS 21
18. LEWENDE ANNUÏTEITE 22

AANHANGSEL I: 25

SPESIALE BEPALINGS VAN TOEPASSING OP PERSONE IN ONTVANGS VAN 'N PENSIOEN UIT DIE FONDS OP 31 DESEMBER 2007

1. OMSKRYWINGS 25

2. BETALING VAN PENSIOENE UIT DIE FONDS 25

2.1 Betaling van Pensioene aan Pensioentrekkers 25

2.2 Betaling van Pensioene aan Kwalifiserende Gades en Kwalifiserende Kinders 26

2.3 Pensioenverhogings 26

2.4 Bewys van oorlewing of voortgesette bevoegdheid 26

3. STERFTE VAN 'N PENSIOENTREKKER 26

3.1 Pensioene aan Kwalifiserende Gades 26

3.2 Pensioene aan Kwalifiserende Kinders 26

4. PENSIOENREKENING 27

5. AANKOOP VAN PENSIOENE 27

6. PENSIOENWAARBORG 27

AANHANGSEL II: .....

SPESIALE BEPALINGS VAN TOEPASSING OP KATEGORIE A LEDE

AANHANGSEL III: 31

SPESIALE BEPALINGS VAN TOEPASSING OP KATEGORIE B LEDE

REËLS VAN DIE PREDIKANTE PENSIOENFONDS
VAN DIE NED. GEREF. KERK VAN SUID-AFRIKA
SOOS VANAF 1 MAART 2018

---

1. ALGEMEEN

1.1 Die fonds bekend as die Predikante en Weduweepensioenfonds van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika is met ingang van 20 Maart 1973 deur die REGISTRATEUR geregistreer.
Die Ned. Geref. Kerk in KwaZulu-Natal, die Ned. Geref. Kerk in Oos-Kaapland en die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland is by ooreenkoms toegang tot die fonds gegee.
Met ingang van 1 September 2004 het die naam van die fonds verander na die Predikante Pensioenfonds van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.

1.2 Die geregistreerde kantoor van die FONDS is die Sinodale Kantoor, De Langestraat 5, Bellville.

1.3 Die doelstellings van die FONDS is:
(a) om ooreenkomstig die bepalings van die REËLS, soos van tyd tot tyd gewysig, voordele by aftrede of ander lewensgebeurlikhede te voorsien in die belang van persone wat vir deelname aan die FONDS kwalifiseer; en
(b) om die beginsel van samewerking en koördinasie te handhaaf. Onder hierdie beginsel word verstaan om oordraagbaarheid van lidmaatskap van predikante wat uit die gebied van een SINODALE PENSIOENFONDS na ’n ander verskuif te bewerkstellig.

1.4 Die FONDS is regsbevoeg om in eie naam te dagvaar en gedagvaar te word en om vaste en roerende eiendom aan te skaf, te besit en te vervreem.

1.5 Die FONDS het met ingang van 1 Januarie 2008 vanaf ’n vastevoordeel-struktuur na ’n vastebydrae-struktuur omgeskakel.

1.6 Die bepalings van Aanhangsel 1 is van toepassing op daardie persone wat op 31 Desember 2007 op PENSIOENE uit die FONDS geregtig was.

1.7 Alle wysigings tot en met 1 Maart 2010 is in hierdie REËLS vervat. Indien die registrasie van hierdie REËLS ingevolge die WET later as 1 Maart 2010 geskied, tree die REËLS nietemin met ingang van 1 Mei 2010 in werking.

2. OMSKRYWINGS

In hierdie REËLS het woorde wat in die WET en nie in die REËLS omskryf word nie, die betekenisse wat in die WET daaraan toegeskryf word en, waar in ooreenstemming met die konteks, sluit alle woorde en uitdrukkings wat die enkelvoud aandui ook die meervoud in en omgekeerd, woorde en uitdrukkings wat die manlike geslag te kenne gee sluit ook die vroulike in, en die volgende woorde en uitdrukkings het die volgende betekenisse:

2.1 “ADMINISTRATEURS” beteken die Administrateurs wat ingevolge hierdie REËLS aangestel is.

2.2 “AFTREDE UIT DIE FONDS” beteken die datum waarop ’n KATEGORIE A LID, ’n KATEGORIE B LID, ’n LID wat ingevolge Reël 5 aftree, of ’n OPBETAALDE LID wat normale aftree-ouderdom soos omskryf in Artikel 1 van die Inkomstebelastingwet, 1962, bereik het, kies om betaling van sy voordeel ingevolge paragraaf 4 van die Tweede Bylae tot sodanige wet te ontvang of, indien later, die datum waarop die FONDS kennisgewing van sodanige keuse ontvang.

2.3 “AKTUARIS” beteken die Aktuaris wat ingevolge hierdie REËLS aangestel is.

2.4 “ANDER DEELNEMENDE NG KERK SINODES” beteken Die Ned. Geref. Kerk in KwaZulu-Natal, die Ned. Geref. Kerk in Oos-Kaapland en die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland en dié wat later tot die FONDS toegelaat mag word.

2.5 “ANNUÏTANT” beteken ’n persoon wat in ontvangs is van ’n LEWENDE ANNUÏTEIT uit die FONDS; met dien verstande dat dit ’n afgetrede LID of ’n begunstigde van ’n voordeel by die afsterwe van ’n LID, mag wees.

2.6 “BEHEERLIGGAAM” beteken die Beheerliggaam van die FONDS wat ingevolge hierdie REËLS aangewys en verkies is.

2.7 “BELASTINGOWERHEDE” beteken die Suid-Afrikaanse Inkomste Diens.

2.8 “BELEGGINGSOPBRENGS” beteken enige inkomste (ontvang of toegeval) met inbegrip van rente betaalbaar deur die DEELHEBBER ingevolge Reël 4.1.3 en Reël 4.2.4, indien van toepassing, en kapitaalaanwassing en kapitaaldepresiasie (gerealiseer en ongerealiseer) van

die FONDS, minus ’n toelating vir enige belasting en sodanige uitgawes (betaal of toegeval) soos wat deur die BEHEERLIGGAAM bepaal mag word; met dien verstande dat:

(a) sodanige BELEGGINGSOPBRENGS positief of negatief mag wees;

(b) die BELEGGINGSOPBRENGS toegewys word op sodanige billike grondslag soos wat die BEHEERLIGGAAM in oorleg met die ADMINISTRATEURS en volgens die ooreengekome praktyk van die FONDS, van tyd tot tyd mag bepaal; met dien verstande dat by die berekening van die BELEGGINGSOPBRENGS die BEHEERLIGGAAM die uitwerking van enige diverse ongelyke of verkeerde samevoeging of paring wat mag ontstaan in die administrasie van die FONDS in aanmerking sal neem;

(c) waar die bates van die FONDS, of ’n gedeelte daarvan, in ’n bepaalde portefeulje of portefeuljes belê is, word die beleggingsprestasie van sodanige portefeulje of portefeuljes by die berekening van die BELEGGINGSOPBRENGS in aanmerking geneem.

2.9 “BEREKENINGSDATUM” beteken die datum waarop die ADMINISTRATEURS, ingevolge die ooreengekome praktyk van die FONDS, die LID se voordeel bereken by die LID se aftrede, sterfte of verlating van DIENS ingevolge Reël 7 of ten einde die LID se voordeel in enige van die omstandighede beoog in die REËLS vanaf die FONDS oor te dra.

2.10 “DEELHEBBER” beteken:

(a) ’n Kerkraad van ’n gemeente binne die verband van die KERK of ANDER DEELNEMENDE NG KERK SINODES;

(b) ’n Kerklike kommissie, ring, sinode, bestuur van ’n sinodale inrigting en van ’n kerklik erkende Christelike genootskap en vereniging en sodanige ander liggaam waartoe die BEHEERLIGGAAM van tyd tot tyd mag besluit.

Met betrekking tot enige bepaalde LID, beteken “DEELHEBBER” die DEELHEBBER in wie se DIENS daardie persoon is of laaste was.

2.11 “DEELHEBBERSURPLUSREKENING” beteken ’n rekening gehou ooreenkomstig Reël 4.4.2.

2.12 “DIENS” beteken diens by enige van die DEELHEBBERS en sluit enige tydperk in waartydens ’n LID ingevolge Reël 8.5 geag word in DIENS te bly.

2.13 “FINANSIËLE JAAR” beteken elke tydperk van twaalf maande wat op 31 Desember eindig.

2.14 “FONDS” beteken die Predikante Pensioenfonds van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika.

2.15 “FONDSKREDIET” beteken vir elke LID:

(a) die som van:

(i) die LID se bydraes ontvang deur die FONDS na 31 Desember 2007 ingevolge Reël 4.1;

(ii) daardie deel van die bydraes wat die DEELHEBBER na 31 Desember 2007 ingevolge Reël 4.2.1 ten behoewe van die LID gemaak het en wat ingevolge Reël 4.2.2(b) vir sy aftreevoordeel aangewend word;

(iii) enige bydraes ontvang deur die FONDS na 31 Desember 2007 ingevolge Reël 4.3;

(iv) in die geval van ’n LID wat op 31 Desember 2007 ’n LID van die FONDS was, die LID se aktuariële reserwewaarde in die FONDS soos deur die AKTUARIS bereken op 31 Desember 2007 (met dien verstande dat sodanige bedrag nie minder mag gewees het as die LID se MINIMUM INDIVIDUELE RESERWE nie), plus sodanige gedeelte van die DEELHEBBERSURPLUSREKENING soos wat die BEHEERLIGGAAM op raad van die AKTUARIS mag bepaal het;

(v) enige bydraes wat na 31 Desember 2007 ingevolge Reël 9.2 na die FONDS oorgedra is;

(vi) enige bedrae wat ingevolge Artikel 15D(1)(a) of Artikel 15E(1)(d) van die WET vanaf die LEDESURPLUSREKENING of die DEELHEBBER-SURPLUSREKENING, soos van toepassing, oorgedra is;

(b) minus:

(i) sodanige bedrag as wat die BEHEERLIGGAAM mag besluit moet aan die KOSTEGEBEURLIKHEIDS-RESERWEREKENING toegewys word;

(ii) enige bedrag afgetrek ingevolge Reël 11.5, met inbegrip van enige koste aangegaan deur die FONDS ten einde uitvoering te geen aan die bepalings van sodanige Reël;

vermeerder of verminder met die BELEGGINGSOPBRENGS tot die BEREKENINGSDATUM.

2.16 “GENOMINEERDE BEGUNSTIGDE” beteken ’n begunstigde wat deur ’n ANNUÏTANT wat nie ’n afgetrede LID is nie, benoem is om by die sterfte van sodanige ANNUÏTANT die balans van die INDIVIDUELE LEWENDE ANNUÏTEIT SUBREKENING van sodanige ANNUÏTANT, of ’n

deel daarvan, te ontvang. Daar word uitdruklik bepaal dat meer as een persoon as die GENOMINEERDE BEGUNSTIGDE van ’n ANNUÏTANT wat nie ’n afgetrede LID is nie, benoem mag word en dat sodanige ANNUÏTANT mag bepaal dat die balans van sy INDIVIDUELE LEWENDE ANNUÏTEIT SUBREKENING by sy afsterwe aan die GENOMINEERDE BEGUNSTIGDE of GENOMINEERDE BEGUNSTIGDES toegewys word in sodanige proporsies as wat die ANNUÏTANT mag besluit.

2.17 “GOEDGEKEURDE PENSIOENFONDS” beteken ’n pensioenfonds wat as sodanig deur die BELASTINGOWERHEDE goedgekeur is vir die doeleindes van hierdie REËLS.

2.18 “GOEDGEKEURDE VOORSORGFONDS” beteken ’n voorsorgfonds wat as sodanig deur die BELASTINGOWERHEDE goedgekeur is vir die doeleindes van hierdie REËLS.

2.19 “GOEDGEKEURDE UITTREDINGSANNUÏTEITSFONDS” beteken ’n uittredingsannuïteitsfonds wat as sodanig deur die BELASTINGOWERHEDE goedgekeur is vir die doeleindes van hierdie REËLS.

2.20 “GROEPLEWENSVERSEKERINGSKEMA” beteken ’n vrystaande groeplewensversekeringskema wat deur die KERK en ANDER DEELNEMENDE NG KERK SINODES ten behoewe van die LEDE bedryf word.

2.21 “HOOFBEAMPTE” beteken die Hoofbeampte van die FONDS wat ingevolge hierdie REËLS aangestel is.

2.22 “INDIVIDUELE LEWENDE ANNUÏTEIT SUBREKENING” beteken die rand bedrag te eniger tyd beskikbaar om ’n LEWENDE ANNUÏTEIT vir ’n bepaalde ANNUÏTANT te voorsien. Die INDIVIDUELE LEWENDE ANNUÏTEIT SUBREKENING word bepaal soos uiteengesit in Reël 4.4.6.2.

2.23 “KATEGORIE A LID” beteken ’n LID wat op of na 1 April 2003 ’n lid van die Dutch Reformed Church Namibia Retirement Fund geword het en ingevolge die REËLS soos dit voor 1 Januarie 2008 van toepassing was versoek het om op ’n uitgestelde voordeel onder die FONDS geregtig te word. Die spesiale bepalings van toepassing op KATEGORIE A LEDE is uiteengesit in Aanhangsel II.

2.24 “KATEGORIE B LID” beteken ’n LID wat by die beëindiging van sy DIENS reeds die ouderdom van 45 jaar bereik het en minstens 15 jaar PENSIOENGEWENDE DIENS verrig het en ingevolge die REËLS soos dit voor 1 Januarie 2008 van toepassing was die keuse uitgeoefen het om ’n uitgestelde voordeel te ontvang. Die spesiale bepalings van toepassing op KATEGORIE B LEDE is uiteengesit in Aanhangsel III.

2.25 “KERK” beteken Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.

2.26 “KOSTEGEBEURLIKHEIDSRESERWEREKENING” beteken ’n rekening gehou ooreenkomstig Reël 4.4.1.

2.27 “KWALIFISERENDE GADE” beteken ten opsigte van ’n oorlede ANNUÏTANT wat ’n afgetrede LID was, ’n persoon wat tot bevrediging van die BEHEERLIGGAAM bewys voorlê dat, op datum van sodanige ANNUÏTANT se afsterwe sodanige persoon getroud was met die oorledene by wyse van ‘n burgerlike of godsdienstige seremonie of ‘n gebruiklike verbinding ingevolge die inheemse reg of gewoonte of enige ander verbinding wat onder Suid-Afrikaanse wetgewing as ’n huwelik erken word.

2.28 “KWALIFISERENDE PERSOON” beteken

(a) ’n predikant in die permanente DIENS van ’n DEELHEBBER, of vir wie ’n DEELHEBBER finansiële verantwoordelikheid aanvaar het en wat nog nie die ouderdom van 65 jaar bereik het nie,

(b) ’n proponent in die permanente DIENS van ’n DEELHEBBER wat nog nie die ouderdom van 65 jaar bereik het nie; en

(c) die volgende persone wat in DIENS is van die Ned. Geref. Kerk in Vrystaat, maar wie nie predikante of proponente is nie, en wat as deel van die toelating van die Ned. Geref. Kerk in Vrystaat as DEELHEBBER tot lidmaatskap van die FONDS toegelaat word:

Adriaan Jacob de Ruiter
Johan Coetzer
De Wet Claassens
Tertius Botha
Christina Johanna Botes

met dien verstande dat:

(i) ’n termynkontrak-predikant met ’n kontrak vir minder as ses maande en met minder as ses maande DIENS in ’n pos by dieselfde DEELHEBBER; en

(ii) 'n predikant wat ook 'n ander professie beoefen waaraan aftreevoordele, wat vir die BEHEERLIGGAAM aanvaarbaar is, verbonde is;

uitgesluit word.

2.29 "LEDESURPLUSREKENING" beteken 'n rekening gehou ooreenkomstig Reël 4.4.5.

2.30 "LID" beteken 'n persoon wat ingevolge die REËLS tot lidmaatskap van die FONDS toegelaat is en nie kragtens die REËLS opgehou het om 'n LID te wees nie; met dien verstande dat vir die doeleindes van Reël 12.1 en Reël 12.2, "LID" 'n ANNUÏTANT en PENSIOENTREKKER sal uitsluit.

2.31 "LEWENDE ANNUÏTEIT" beteken 'n maandelikse annuïteit wat vanuit die INDIVIDUELE LEWENDE ANNUÏTEIT SUBREKENING betaal word.

2.32 "LEWENDE ANNUÏTEIT BELEIDSDOKUMENT" beteken die beleidsdokument van tyd tot tyd deur die BEHEERLIGGAAM aangeneem, wat die bepalings en voorwaardes van toepassing op die voorsiening van LEWENDE ANNUÏTEITE uit die FONDS uiteensit.

2.33 "LEWENDE ANNUÏTEIT KAPITAALREKENING" beteken 'n rekening gehou ooreenkomstig Reël 4.4.6.

2.34 "MAKSIMUM TRAKTEMENT" beteken die som van:

(a) die jaarlikse topkerf van die Algemene Sinode van die KERK se aanbevole skaal plus diensbonus; en

(b) 7 persent van die totale bedrag in (a) hierbo.

2.35 "MINIMUM INDIVIDUELE RESERWE" beteken die Minimum Individuele Reserwe vir 'n LID soos omskryf in die WET en soos bepaal deur die AKTUARIS deur gebruik te maak van metodes en veronderstellings soos deur die REGISTRATEUR by kennisgewing in die Staatskoerant voorgeskryf.

2.36 "NORMALE AFTREEDATUM" beteken die laaste dag van die maand waarin 'n LID die ouderdom van 65 jaar bereik; met dien verstande dat, in die geval van 'n LID wat 'n voordeel uit die ONGESKIKTHEIDSSKEMA ontvang en ingevolge die versekeringspolis waarvolgens sodanige voordeel voorsien word 'n normale aftree-ouderdom van 60 jaar het, dit die laaste dag van die maand waarin sodanige LID die ouderdom van 60 jaar bereik beteken.

2.37 "ONGESKIKTHEIDSSKEMA" beteken 'n vrystaande ongeskiktheidsskema wat deur die KERK en ANDER DEELNEMENDE NG KERK SINODES opgerig is om voordele aan LEDE te voorsien in geval van hulle ongeskiktheid.

2.38 "OPBETAALDE LID" beteken 'n LID wie se voordeel by verlating van DIENS ingevolge Reël 7 in die FONDS gehou is en wie se voordeel nog nie ingevolge die REËLS betaalbaar geword het nie.

2.39 "OUDITEUR" beteken die Ouditeur wat ingevolge hierdie REËLS aangestel is.

2.40 "PENSIOEN" beteken die PENSIOEN betaalbaar ingevolge die bepalings van Aanhangsel I ten opsigte van 'n persoon wat op 31 Desember 2007 op 'n PENSIOEN uit die FONDS geregtig was.

2.41 "PENSIOENBEWARINGSFONDS" beteken 'n pensioenbewaringsfonds wat as sodanig deur die BELASTINGOWERHEDE goedgekeur is vir die doeleindes van hierdie REËLS.

2.42 "PENSIOENGEWENDE DIENS" beteken onafgebroke DIENS waartydens die LID bydraes tot die FONDS gelewer het sowel as enige ander tydperk wat kragtens die REËLS soos dit voor 1 Januarie 2008 van toepassing was as sodanig erken is. PENSIOENGEWENDE DIENS word in jare en maande bereken. Die maand waarin 'n LID tot die FONDS toegetree het word nie as PENSIOENGEWENDE DIENS gereken nie tensy die LID vir die betrokke maand sy ledebydrae ten volle betaal en voor die vyftiende van sodanige maand tot die FONDS toegetree het. Die maand waarin 'n LID, vir welke rede ookal, uit die FONDS tree word nie as PENSIOENGEWENDE DIENS gereken nie tensy die LID vir die betrokke maand sy ledebydrae ten volle betaal en na die vyftiende van sodanige maand uit die FONDS tree.

2.43 "PENSIOENGEWENDE INKOMSTE" beteken 'n LID se jaarlikse traktement ingevolge die toepaslike kerf van die Sinodale Traktementskaal plus sodanige ander besoldiging wat deur die DEELHEBBER in berekening gebring word by die vasstelling van die LID se bydraes tot die FONDS, of 'n persentasie daarvan, met dien verstande dat:

(a) vir die doeleindes van die FONDS, PENSIOENGEWENDE INKOMSTE bepaal word op die eerste dag van elke maand van lidmaatskap van die FONDS;

(b) indien die bedrag waarop 'n LID se PENSIOENGEWENDE INKOMSTE gebaseer is te eniger tyd verminder word, die DEELHEBBER, met die toestemming van die LID, mag gelas dat die vermindering, vir die doeleindes van die FONDS, nie in aanmerking

geneem word by die berekening van die LID se PENSIOENGEWENDE INKOMSTE nie, of slegs gedeeltelik in aanmerking geneem word; en

(c) terwyl 'n LID ingevolge die bepalings van die ONGESKIKTHEIDSSKEMA ongeskik is, is sy PENSIOENGEWENDE INKOMSTE gelyk aan sy PENSIOENGEWENDE INKOMSTE op die datum waarop sy ongeskiktheid 'n aanvang geneem het. Indien die voordeel wat ingevolge die ONGESKIKTHEIDSSKEMA aan die LID betaal word, verhoog word, word sy PENSIOENGEWENDE INKOMSTE in dieselfde verhouding verhoog.

2.44 "PENSIOENTREKKER" beteken 'n afgetrede LID wat in ontvangs is van 'n PENSIOEN uit die FONDS.

2.45 "REËLS" beteken hierdie Reëls en sodanige wysigings soos wat te eniger tyd van krag mag wees.

2.46 "REGISTRATEUR" beteken die Registrateur van Pensioenfondse waarna verwys word in die WET.

2.47 "SINODALE PENSIOENFONDSE" beteken:

(a) die FONDS;

(b) die Predikante Pensioenfonds; en

(c) die Sinodale Pensioenfonds van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat.

2.48 "SINODE" beteken die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.

2.49 "SOLVENSIERESERWEREKENING" beteken 'n rekening gehou ooreenkomstig Reël 4.4.4.

2.50 "UITGESTELDE AFGETREDENE" beteken 'n LID wat ingevolge Reël 5.1 uit DIENS afgetree het en gekies het dat sy aftreevoordeel in die FONDS gehou word tot AFTREDE UIT DIE FONDS, onderworpe aan die bepalings van Reël 5.7.

2.51 "VERSEKERAAR" beteken 'n geregistreerde of en/of gelisensieerde versekeraar ingevolge die toepaslike wetgewing.

2.52 "VERWERKINGSFOUTRESERWEREKENING" beteken 'n rekening gehou ooreenkomstig Reël 4.4.3.

2.53 "VOORSORGBEWARINGSFONDS" beteken 'n voorsorgbewaringsfonds wat as sodanig deur die BELASTINGOWERHEDE goedgekeur is vir die doeleindes van hierdie REËLS.

2.54 "WET" beteken die Wet op Pensioenfondse, 1956, soos gewysig, en die regulasies wat ingevolge daardie Wet uitgevaardig is.

3. DEELHEBBER DEELNAME EN LIDMAATSKAP

3.1 Deelhebbers

3.1.1 Elke gemeente van die KERK en ANDER DEELNEMENDE NG KERK SINODES is 'n verpligte DEELHEBBER aan die FONDS vir elk van sy predikantsposte, uitgesluit predikantsposte van predikante wat ook 'n ander professie beoefen waaraan aftreevoordele, wat vir die BEHEERLIGGAAM aanvaarbaar is, verbonde is. In die geval van 'n gemeente in die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika wat reeds 'n DEELHEBBER was voor 1 September 1988 is sodanige gemeente 'n DEELHEBBER slegs ten opsigte van daardie predikantsposte waarvoor die betrokke gemeente soos op 1 September 1988 deur die BEHEERLIGGAAM as DEELHEBBER toegelaat is.

3.1.2 Elke gemeente van die KERK en die ANDER DEELNEMENDE NG KERK SINODES of gesamentlike kommissie van 'n groep gemeentes binne die gebied van die KERK is 'n verpligte DEELHEBBER aan die FONDS vir elke pos ten opsigte waarvan 'n persoon aanspraak op lidmaatskap het of kan bekom.

3.2 Lede

3.2.1 Elke persoon wat onmiddellik voor 1 Mei 2010 'n LID van die FONDS was, hou, onderworpe aan die bepalings van die REËLS, aan om 'n LID van die FONDS te wees.

3.2.2 Elke KWALIFISERENDE PERSOON, behalwe soos voorsien in Reël 3.2.3, word as 'n diensvoorwaarde 'n LID van die FONDS op die datum waarop hy amptelik in die betrokke hoedanigheid in DIENS gestel word.

3.2.3 Elke persoon wat 'n KWALIFISERENDE PERSOON is op die datum waarop die instansie/inrigting waaraan hy verbonde is 'n DEELHEBBER word, moet op daardie datum 'n LID word.

3.2.4 Tensy daar andersins voorsiening gemaak word in die REËLS, word 'n LID nie toegelaat om lidmaatskap te beëindig terwyl hy in DIENS is nie.

3.2.5 ’n LID wat om enige rede die DIENS verlaat het en al die voordele ontvang het wat ingevolge hierdie REËLS aan hom verskuldig is, hou op om ’n LID te wees.

3.3 Hertoetrede na aftrede voor ouderdom 65 jaar

3.3.1 In die geval van ’n persoon, behalwe ’n UITGESTELDE AFGETREDENE, wat na aftrede uit DIENS ingevolge Reël 5.1 weer vir lidmaatskap ingevolge Reël 3.2 kwalifiseer, word die voordele wat as gevolg van sy vorige lidmaatskap ontstaan het nie geraak nie. By sodanige hertoetrede word die persoon geregtig op voordele asof hy by hertoetrede vir die eerste maal LID van die FONDS geword het.

3.3.2 ’n UITGESTELDE AFGETREDENE wat weer vir aktiewe lidmaatskap van die FONDS kwalifiseer, hou op om ’n UITGESTELDE AFGETREDENE te wees en die waarde van sy uitgestelde voordeel ingevolge Reël 5.6(b) op die datum waarop hy weer ’n aktiewe LID word, word onder sy FONDSKREDIET aangewend.

3.4 Hertoetrede na Colloquium Doctum

3.4.1 ’n Persoon wat na Colloquium Doctum weer tot die bediening in die KERK toetree, word as LID aanvaar vanaf die datum waarop die DEELHEBBER finansiële verantwoordelikheid vir hom ontvang het. By sodanige hertoetrede word die persoon geregtig op voordele asof hy by hertoetrede na Colloquium Doctum vir die eerste maal LID van die FONDS geword het.

4. BYDRAES

4.1 Bydraes deur Lede

4.1.1 Elke LID dra maandeliks, terwyl hy in DIENS is, teen ’n koers van een-twaalfde van 7,5 persent van sy PENSIOENGEWENDE INKOMSTE tot die FONDS by.

4.1.2 Die LID se bydraes word deur die DEELHEBBER van sy besoldiging afgetrek en aan die FONDS betaal; met dien verstande dat, in die geval van ’n LID wat ’n voordeel uit die ONGESKIKTHEIDSSKEMA ontvang, sy bydraes die bedrag is wat vir hierdie doel van sodanige voordeel afgetrek en aan die FONDS betaal word.

4.1.3 Bydraes deur die LEDE moet binne sewe dae na die einde van die maand ten opsigte waarvan die bydraes gemaak is, aan die FONDS betaal word. Indien bydraes nie, soos ingevolge die WET vereis word, aan die FONDS betaal word nie, is die DEELHEBBER verplig om rente op die laat betalings te betaal teen die koers voorgeskryf deur wetgewing. Enige sodanige rente word, onderworpe aan die bepalings van Reël 4.4.1.1(d), by die BELEGGINGSOPBRENGS ingesluit.

4.2 Bydraes deur Deelhebbers

4.2.1 Elke DEELHEBBER dra maandeliks ten opsigte van elke LID in sy DIENS teen ’n koers van een-twaalfde van 16,8 persent van die MAKSIMUM TRAKTEMENT, of ’n persentasie daarvan, minus die koste vir die betrokke maand van die ONGESKIKTHEIDSSKEMA en die GROEPLEWENSVERSEKERINGSKEMA, tot die FONDS by.

4.2.2 Uit die bedrag wat ingevolge Reël 4.2.1 betaal word,

(a) word sodanige bedrag as wat nodig is om die FONDS se uitgawes vir die betrokke maand te dek, vir hierdie doeleinde aangewend; met dien verstande dat ’n bedrag soos van tyd tot tyd deur die BEHEERLIGGAAM bepaal, aan die KOSTEGEBEURLIKHEIDSRESERWEREKENING toegewys sal word;

en

(b) word die balans aangewend vir die LID se aftreevoordeel.

4.2.3 In die geval van ’n LID wat in ontvangs van ’n voordeel van die ONGESKIKTHEIDSSKEMA is, hou bydraes aan om tot die FONDS ten opsigte van hom betaal te word.

4.2.4 Die DEELHEBBER se bydraes moet binne sewe dae na die einde van die maand waarop dit betrekking het, aan die FONDS betaal word. Indien bydraes nie, soos ingevolge die WET vereis word, aan die FONDS betaal word nie, is die DEELHEBBER verplig om rente op die laat betalings te betaal teen die koers voorgeskryf deur wetgewing. Enige sodanige rente word, onderworpe aan die bepalings van Reël 4.4.1.1(d), by die BELEGGINGSOPBRENGS ingesluit.

4.3 Addisionele vrywillige bydraes deur Lede en Deelhebbers

4.3.1 ’n LID mag addisionele bydraes tot die FONDS maak, ten einde groter voordele te verseker of ten opsigte van ’n tydperk van verstreke DIENS, ooreenkomstig sodanige voorwaardes en

prosedures soos wat die BEHEERLIGGAAM van tyd tot tyd mag voorskryf. Die betaling van addisionele bydraes tot die FONDS is onderworpe aan die beperkings en vereistes van die Inkomstebelastingwet, 1962. Sodanige addisionele bydraes word onder die LID se FONDSKREDIET aangewend.

4.3.2 'n DEELHEBBER mag addisionele bydraes tot die FONDS maak ten opsigte van 'n LID se tydperk van verstreke DIENS, ooreenkomstig sodanige voorwaardes en prosedures soos wat die BEHEERLIGGAAM van tyd tot tyd mag voorskryf. Die betaling van addisionele bydraes tot die FONDS is onderworpe aan die beperkings en vereistes van die Inkomstebelastingwet, 1962. Sodanige addisionele bydraes word onder die LID se FONDSKREDIET aangewend.

4.4 Fondsrekeninge

Die volgende rekeninge word onder die FONDS in stand gehou:

4.4.1 Kostegebeurlikheidsreserwerekening

4.4.1.1 Die KOSTEGEBEURLIKHEIDSRESERWEREKENING mag gekrediteer word met

(a) enige bedrag waarna in paragraaf (b)(i) van die omskrywing van FONDSKREDIET in Reël 2 verwys word;

(b) enige bedrag waarna in die voorbehoudsbepaling in Reël 4.2.2(a) verwys word, asook enige bedrag toegedeel aan hierdie rekening ingevolge Reël 9.2.3(b);

(c) rente wat verdien word op kontant wat ten opsigte van die FONDS gehou word;

(d) onderworpe aan die maksimum bedrag soos van tyd tot tyd deur die BEHEERLIGGAAM bepaal word, klein bedrae rente wat ingevolge Reël 4.1.3 of Reël 4.2.4 deur die DEELHEBBER betaalbaar is, wat, indien dit aan die FONDSKREDIETE van LEDE toegedeel word, 'n nadelige koste implikasie vir die FONDS en die LEDE sal hê.

(e)

(f) enige oortollige bedrae van tyd tot tyd beskikbaar gestel vanaf die DATA-RESERWEREKENING wat die BEHEERLIGGAAM, op advies van die AKTUARIS, besluit om na die KOSTEGEBEURLIKHEIDSRESERWEREKENING oor te dra.

4.4.1.2 Die kredietsaldo van die KOSTEGEBEURLIKHEIDSRESERWEREKENING word vermeerder of verminder met die BELEGGINGSOPBRENGS verdien op die bates in hierdie rekening.

4.4.1.3 Die kredietsaldo van die KOSTEGEBEURLIKHEIDSRESERWEREKENING mag aangewend word om die volgende te dek

(a) enige belastings en heffings wat nie in ag geneem word by die koste van die administrasie van die FONDS of die belegging van die bates nie;

(b) premies vir getrouheidswaarborg- en professionele vrywaringsversekering wat deur die FONDS uitgeneem word;

(c) fooie en vergoeding betaalbaar aan konsultante, adviseurs en ander diensverskaffers wat deur die FONDS aangestel is;

(d) die koste van enige oudits van die FONDS;

(e) redelike reis- en verblyfsuitgawes wat deur die BEHEERLIGGAAM in verband met die toesig, beheer en bestuur van die bedrywighede van die FONDS aangegaan word;

(f) koste van opleiding van lede van die BEHEERLIGGAAM.

4.4.2 Deelhebbersurplusrekening

4.4.2.1 'n DEELHEBBERSURPLUSREKENING word onder die FONDS in stand gehou wat gekrediteer word met enige bedrae toegewys ingevolge Artikel 15C(1) van die WET, soos voorsien in Reël 13.5.3.

4.4.2.2 Die kredietsaldo van die DEELHEBBERSURPLUSREKENING word vermeerder of verminder met die BELEGGINGSOPBRENGS verdien op die bates in hierdie rekening.

4.4.2.3 Die kredietsaldo van die DEELHEBBERSURPLUSREKENING mag aangewend word op die wyse en vir enige doeleinde toegelaat deur die WET.

4.4.3 Verwerkingsfoutreserwerekening

4.4.3.1 Die VERWERKINGSFOUTRESERWEREKENING word

(a) gekrediteer met 'n aanvangsbalans soos bepaal deur die BEHEERLIGGAAM op advies van die AKTUARIS, wat die balans in die data-reserwerekening wat voor 1 September 2021 onder die FONDS in stand gehou is en enige bedrag toegedeel aan hierdie rekening ingevolge Reël 9.2.3(b) sal insluit;

(b) gekrediteer of gedebiteer met enige bedrae wat mag ontstaan weens 'n verskil tussen die BELEGGINGSOPBRENGS en wat toegedeel is binne die FONDS.

4.4.3.2 Die kredietsaldo van die VERWERKINGSFOUTRESERWEREKENING word vermeerder of verminder met die BELEGGINGSOPBRENGS verdien op die bates in hierdie rekening.

4.4.3.3 Die vlak van die VERWERKINGSFOUTRESERWEREKENING mag aan die einde van elke FINANSIËLE JAAR bepaal word deur die BEHEERLIGGAAM op advies van die AKTUARIS en mag nie die vlak van beskikbare bates, na voorsiening vir die FONDS se verpligtinge in terme van hierdie REËLS, oorskry nie. Enige bedrag bo die vlak van die VERWERKINGSFOUTRESERWEREKENING soos bepaal deur die BEHEERLIGGAAM op advies van die AKTUARIS mag verdeel word volgens die diskresie van die BEHEERLIGGAAM.

4.4.4 Solvensiereserwerekening

4.4.4.1 'n SOLVENSIERESERWEREKENING word onder die FONDS in stand gehou ten opsigte van PENSIOENE wat ingevolge Aanhangsel I op 'n onversekerde basis uit die Pensioenrekening betaal word, om 'n mate van beskerming te bied teen toekomstige ongunstige ondervinding.

4.4.4.2 Die SOLVENSIERESERWEREKENING verteenwoordig die verskil tussen die waarde van die verpligtinge wat op die "beste skatting" basis bepaal is en die waarde van die verpligtinge op 'n solvensie basis bepaal, soos uiteengesit in Omsendbrief PF Nr. 117.

4.4.4.3 Die bedrag wat in die SOLVENSIERESERWEREKENING gehou word, word beperk tot dit wat bekostig kan word op grond van die finansiële posisie van die FONDS.

4.4.4.4 Die BEHEERLIGGAAM hersien die bedrag wat in die SOLVENSIERESERWEREKENING gehou word na afloop van elke aktuariële waardasie, in oorleg met die AKTUARIS.

4.4.5 Ledesurplusrekening

4.4.5.1 Die LEDESURPLUSREKENING word gekrediteer met enige bedrag toegewys ingevolge Artikel 15C(1) van die WET, soos voorsien in Reël 13.5.3.

4.4.5.2 Die kredietsaldo van die LEDESURPLUS-REKENING word vermeerder of verminder met die BELEGGINGSOPBRENGS verdien op die bates in hierdie rekening.

4.4.5.3 Die kredietsaldo van die LEDESURPLUS-REKENING mag aangewend word op die wyse en vir enige doeleinde toegelaat deur die WET.

4.4.6 Lewende Annuïteit Kapitaalrekening

4.4.6.1 'n LEWENDE ANNUÏTEIT KAPITAALREKENING word onder die FONDS in stand gehou ten opsigte van alle LEWENDE ANNUÏTEITE betaalbaar ingevolge die REËLS. Elke LEWENDE ANNUÏTEIT betaalbaar ingevolge die REËLS, word in 'n INDIVIDUELE LEWENDE ANNUÏTEIT SUBREKENING binne die LEWENDE ANNUÏTEIT KAPITAALREKENING in stand gehou.

4.4.6.2 Die INDIVIDUELE LEWENDE ANNUÏTEIT SUBREKENING binne die LEWENDE ANNUÏTEIT KAPITAALREKENING met betrekking tot 'n bepaalde ANNUÏTANT word

(a) gekrediteer met:
  (i) die bedrag wat ingevolge Reël 5.3.2, Reël 5.3.3, Reël 6.1.3, Reël 9.2.3(a), klousule 8 van Aanhangsel II, of klousule 5 van Aanhangsel III gekrediteer moet word; of
  (ii) die aanvangsbalans waarna in Reël 18.6 verwys word;

(b) gedebiteer met:
  (i) LEWENDE ANNUÏTEIT betalings aan die ANNUÏTANT ingevolge die REËLS;
  (ii) enige enkelbedragbetalings ingevolge Reël 18.6(b), Reël 18.7 of Reël 18.8;
  (iii) enige bedrae betaal ingevolge Reël 18.6 of Reël 18.7 aan die boedel van 'n ANNUÏTANT by sy afsterwe;
  (iv) enige bedrae oorgedra na 'n VERSEKERAAR ingevolge Reël 18.9;
  (v) sodanige uitgawes, insluitende maar nie beperk nie tot die koste van administrasie en enige advies voorsien ingevolge Reël 5.2 en Reël 18.3, versekeringspremies, belasting of ander koste, soos van tyd tot tyd deur die BEHEERLIGGAAM bepaal en deur die FONDS gehef ten opsigte van die LEWENDE ANNUÏTEIT wat vanuit hierdie rekening voorsien word; en

(c) vermeerder of verminder met die BELEGGINGSOPBRENGS verdien op die portefeulje of portefeuljes waarin die bates in hierdie rekening belê word.

5. AFTREEVOORDELE

5.1 Aftrede uit diens

5.1.1 'n LID wat die ouderdom van 55 jaar bereik het mag met die DEELHEBBER se toestemming uit DIENS aftree op die laaste dag van enige maand voordat hy sy NORMALE AFTREEDATUM bereik.

5.1.2 'n LID wat nie ingevolge Reël 5.1.1 afgetree het nie, moet op sy NORMALE AFTREEDATUM uit DIENS aftree tensy die DEELHEBBER toestem dat hy tot 'n maksimum ouderdom van 70 jaar in DIENS bly, waarna hy uit DIENS moet aftree.

5.1.3 'n LID wat in swak gesondheid verkeer en nie vir 'n voordeel ingevolge die bepalings van die ONGESKIKTHEIDSSKEMA kwalifiseer nie, mag te eniger tyd voor sy NORMALE AFTREEDATUM uit DIENS aftree, mits die BEHEERLIGGAAM bevredigende bewys van die LID se swak gesondheid ontvang.

5.1.4 'n LID wat toegelaat word om na sy NORMALE AFTREEDATUM in DIENS te bly, tree af uit DIENS op sodanige latere datum soos wat hy met die DEELHEBBER ooreenkom, maar nie later as ouderdom 70 jaar nie.

5.2 Voordeel

5.2.1 By AFTREDE UIT DIE FONDS, word 'n LID wat ingevolge Reël 5.1 uit DIENS afgetree het, soos gekies deur die LID, geregtig op

(a) 'n annuïteit of annuïteite van sodanige bedrag as wat, na die uitoefening van enige opsie ingevolge Reël 5.4, met die LID se FONDSKREDIET van 'n VERSEKERAAR aangekoop kan word ingevolge Reël 5.3.1; of

(b) 'n LEWENDE ANNUÏTEIT van sodanige bedrag as wat, na die uitoefening van enige opsie ingevolge Reël 5.4, met die LID se FONDSKREDIET voorsien kan word ingevolge Reël 5.3.2; of

(c) 'n kombinasie van beide (a) en (b) hierbo, onderworpe aan sodanige bepalings en voorwaardes as wat die BEHEERLIGGAAM mag voorskryf en enige vereistes en beperkings van tyd tot tyd deur die BELASTINGOWERHEDE opgelê of deur wetgewing voorgeskryf;

met dien verstande dat 'n afgetrede LID die BEHEERLIGGAAM en die FONDS vrywaar teen enige eis wat as gevolg van die opsie wat die afgetrede LID uitgeoefen het ingevolge hierdie Reël 5.2, of klousule 3 van Aanhangsel II, of klousule 4(c) en (d) van Aanhansel II, of klousule 2 van Aanhangsel III mag ontstaan en hy verplig sal wees om bewys van finansiële advies van 'n gelisensieerde finansiële diensverskaffer te verskaf wanneer die opsie uitgeoefen word en indien hy sou weier om sodanige advies in te win om die opsie uit te oefen moet 'n skriftelike vrywaring aan die BEHEERLIGGAAM en die FONDS verskaf word.

5.3 Betaling van Voordeel

5.3.1 Indien 'n afgetrede LID die opsie in Reël 5.2(a) uitoefen, word die LID se FONDSKREDIET, minus enige bedrag wat ingevolge Reël 5.4 in kontant omgeskakel is, aangewend om 'n annuïteit of annuïteite in die LID se naam, van 'n VERSEKERAAR waarop die LID besluit, aan te koop. Die bepalings en voorwaardes van toepassing op sodanige annuïteit of annuïteite, met inbegrip van die opsies deur die LID uitgeoefen en die bepaling van enige voordele na aanleiding van sy dood, word ooreengekom tussen die LID en die VERSEKERAAR en word skriftelik deur die VERSEKERAAR uiteengesit; met dien verstande dat:

(a) die annuïteit of annuïteite so aangekoop onderworpe is aan die bepalings van die Inkomstebelastingwet, 1962, die Langtermynversekeringswet, 1998, en enige vereistes van tyd tot tyd deur die BELASTINGOWERHEDE gespesifiseer; en

(b) met die aankoop van die annuïteit of annuïteite ingevolge hierdie Reël, die FONDS geen verdere aanspreeklikheid ten opsigte van die LID het nie; sodanige aanspreeklikheid berus by die VERSEKERAAR van wie sodanige annuïteit of annuïteite aangekoop is.

5.3.2 Indien 'n afgetrede LID die opsie in Reël 5.2(b) uitoefen, word die LID se FONDSKREDIET, minus enige bedrag wat ingevolge Reël 5.4 in kontant omgeskakel is, toegeken aan sy INDIVIDUELE LEWENDE ANNUÏTEIT SUBREKENING en, onderworpe aan die bepalings van Reël 18, aangewend om 'n LEWENDE ANNUÏTEIT te voorsien.

5.3.3 Indien 'n afgetrede LID die opsie in Reël 5.2(c) uitoefen, word 'n gedeelte van die LID se FONDSKREDIET, na die aftrekking van enige bedrag wat ingevolge Reël 5.4 in kontant omgeskakel is, aan sy INDIVIDUELE LEWENDE ANNUÏTEIT SUBREKENING toegeken en

aangewend om ’n LEWENDE ANNUÏTEIT te voorsien en word die balans van die LID se FONDSKREDIET aangewend om ’n annuïteit of annuïteite ingevolge die bepalings van Reël 5.3.1 van ’n VERSEKERAAR aan te koop.

5.4 Kommutasie van Voordeel

5.4.1 By AFTREDE UIT DIE FONDS, voor die aankoop van ’n annuïteit of annuïteite ingevolge Reël 5.3.1, of voor die aanvang van betaling van ’n LEWENDE ANNUÏTEIT, indien van toepassing, mag ’n LID die opsie uitoefen om tot en met die maksimum bedrag toelaatbaar ingevolge die Inkomstebelastingwet, 1962, van die bedrag beskikbaar vir die aankoop van sodanige annuïteit of annuïteite, of vir die voorsiening van sodanige LEWENDE ANNUÏTEIT, na gelang van die geval, in kontant om te skakel.

5.5 Aansoek om pensioenvoordele

5.5.1 Aansoeke om pensioenvoordele moet tesame met die volgende bewysstukke en aanbevelinge van die betrokke DEELHEBBER aan die HOOFBEAMPTE gerig word:

(a) aansoek om pensioenvoordele;
(b) akte van demissie;
(c) bewys van ouderdom;
(d) bevestiging van die ringskommissie dat demissie verleen is of gaan word;
(e) enige ander inligting wat redelikerwys deur die HOOFBEAMPTE benodig word.

5.6 Bepalings van toepassing op ’n Uitgestelde Afgetredene

Die volgende spesiale bepalings is van toepassing op ’n LID wat ingevolge Reël 5.1 uit DIENS afgetree het en die opsie uitgeoefen het om ’n UITGESTELDE AFGETREDENE te word:

(a) na die datum waarop die UITGESTELDE AFGETREDENE ingevolge Reël 5.1 uit die DIENS van die DEELHEBBER aftree, staak bydraes ingevolge Reël 4 deur en ten opsigte van die UITGESTELDE AFGETREDENE;
(b) die UITGESTELDE AFGETREDENE se FONDSKREDIET word in die FONDS gehou en gedebiteer met sodanige redelike uitgawes as wat die BEHEERLIGGAAM mag bepaal en vermeerder of verminder met die BELEGGINGSOPBRENGS tot die BEREKENINGSDATUM;
(c) die voordeel waarna in (b) hierbo verwys word, word in die volgende omstandighede betaalbaar:
    (i) ingevolge Reël 5.2 aan die UITGESTELDE AFGETREDENE by AFTREDE UIT DIE FONDS; of
    (ii) ingevolge Artikel 37C van die WET indien die UITGESTELDE AFGETREDENE voor AFTREDE UIT DIE FONDS sterf; of
    (iii) vroeër, indien die UITGESTELDE AFGETREDENE ingevolge Reël 5.7 kies dat die voordeel na ’n GOEDGEKEURDE UITTREDINGSANNUÏTEITSFONDS oorgedra word.

5.7 Oordrag na ’n Goedgekeurde Uittredingsannuïteitsfonds

Nieteenstaande enige ander bepalings van hierdie REËLS, mag ’n LID wat ingevolge Reël 5.1 uit DIENS afgetree het, te eniger tyd voor AFTREDE UIT DIE FONDS, kies om sy FONDSKREDIET na ’n GOEDGEKEURDE UITTREDINGSANNUÏTEITSFONDS oor te dra, waarna die FONDS geen verdere aanspreeklikheid ten opsigte van die LID het nie.

6. STERFTEVOORDELE

6.1 Voordeel

6.1.1 Indien ’n LID sterf terwyl hy in DIENS is, word ’n annuïteit of annuïteite betaalbaar van sodanige bedrag as wat aangekoop kan word met daardie deel van die LID se FONDSKREDIET wat enige bedrag waarna in Reël 17.9 verwys word oorskry; met dien verstande dat die persoon of persone geregtig op die voordeel, of indien van toepassing, die persoon waarna in Artikel 37C(2)(a)(ii) van die WET verwys word, die opsie mag uitoefen om die voordeel of ’n deel van sodanige voordeel in kontant om te skakel.

6.1.2 ’n Annuïteit wat ingevolge hierdie Reël betaalbaar word, word aangekoop van ’n VERSEKERAAR in die naam van die persoon of persone geregtig op die voordeel. Met die aankoop van die annuïteit of annuïteite ingevolge hierdie Reël het die FONDS geen verdere

aanspreeklikheid ten opsigte van die voordeel betaalbaar aan sodanige persoon of persone nie; sodanige aanspreeklikheid berus by die VERSEKERAAR van wie die annuïteit of annuïteite aangekoop is. Die annuïteit of annuïteite so aangekoop is onderworpe aan die bepalings van die Inkomstebelastingwet, 1962, die Langtermynversekeringswet, 1998, en enige vereistes van tyd tot tyd deur die BELASTINGOWERHEDE gespesifiseer.

6.1.3 Nieteenstaande die bepalings van Reël 6.1.1 en Reël 6.1.2, mag 'n KWALIFISERENDE GADE geregtig op 'n voordeel ingevolge Reël 6.1.1 kies dat die voordeel wat ingevolge Reël 6.1.1 aangewend sou word om sodanige annuïteit of annuïteite aan te koop, of 'n gedeelte van sodanige voordeel, toegeken word aan die KWALIFISERENDE GADE se INDIVIDUELE LEWENDE ANNUÏTEIT SUBREKENING en, onderworpe aan die bepalings van Reël 18, aangewend word om 'n LEWENDE ANNUÏTEIT te voorsien.

6.2 Betaling van Sterftevoordele

Betaling van die sterftevoordeel word ingevolge Artikel 37C van die WET gedoen.

7. DIENSBEËINDIGING

7.1 Voordeel

Indien 'n LID voor die bereiking van sy NORMALE AFTREEDATUM die DIENS verlaat in omstandighede waarvoor daar nie elders in hierdie REËLS spesifiek vir 'n voordeel voorsiening gemaak word nie, word hy geregtig op 'n voordeel gelyk aan sy FONDSKREDIET.

7.2 Betaling van voordeel

7.2.1 Die voordeel ingevolge hierdie Reël word in die FONDS gehou ooreenkomstig die bepalings van Reël 7.2.3;
met dien verstande dat die LID by verlating van DIENS een van die volgende opsies mag uitoefen:

(a) dat die voordeel as 'n enkelbedrag aan hom betaal word; of

(b) dat die voordeel na 'n ander GOEDGEKEURDE PENSIOENFONDS, 'n GOEDGEKEURDE VOORSORGFONDS, 'n PENSIOEN-BEWARINGSFONDS of 'n GOEDGEKEURDE UITTREDINGSANNUÏTEITSFONDS oorgedra word;
met dien verstande dat:

(i) in geval van oordrag na 'n GOEDGEKEURDE VOORSORGFONDS, die bedrag wat so oorgedra word verminder sal word deur enige belasting wat daarop betaalbaar is;

(ii) oordrag na 'n PENSIOENBEWARINGSFONDS onderworpe is aan die vereistes soos van tyd tot tyd deur die BELASTINGOWERHEDE uiteengesit; en

(iii) indien 'n LID opsie (a) of opsie (b) hierbo uitoefen, word die voordeel, onderworpe aan die bepalings van Reël 11.2, so gou as moontlik na die datum waarop hy die DIENS verlaat, aan hom betaal of oorgedra na 'n ander fonds.

7.2.2 Indien 'n LID, behalwe 'n OPBETAALDE LID, sterf na verlating van DIENS, maar voor betaling van sy voordeel gemaak is, word die voordeel as 'n enkelbedrag aan sy boedel betaal.

7.2.3 Indien 'n LID nie by verlating van DIENS 'n opsie ingevolge (a) of (b) van Reël 7.2.1 uitoefen nie, word hy 'n OPBETAALDE LID en geld die volgende bepalings:

(a) geen verdere bydraes ingevolge Reël 4 word deur of ten opsigte van die OPBETAALDE LID na die datum van verlating van DIENS gemaak nie;

(b) die OPBETAALDE LID se FONDSKREDIET word in die FONDS gehou en gedebiteer met sodanige redelike uitgawes soos wat die BEHEERLIGGAAM mag bepaal en vermeerder of verminder met die BELEGGINGSOPBRENGS tot die BEREKENINGSDATUM;

(c) die OPBETAALDE LID is nie geregtig op enige voordele behalwe die voordeel waarna in (b) hierbo verwys word nie;

(d) die voordeel waarna in (b) hierbo verwys word, word betaalbaar soos beoog in paragraaf 4 van die Tweede Bylae tot die Inkomstebelastingwet, 1962:

(i) as 'n aftreevoordeel ingevolge die bepalings van Reël 5.2 by die OPBETAALDE LID se AFTREDE UIT DIE FONDS; of

(ii) by die afsterwe van die OPBETAALDE LID aan sy begunstigdes ingevolge Artikel 37C van die WET; of

(iii) vroeër, indien die OPBETAALDE LID kies dat die voordeel:

(aa) as ’n enkelbedrag aan hom betaal word; of
(bb) na ’n ander GOEDGEKEURDE PENSIOENFONDS, ’n GOEDGEKEURDE VOORSORGFONDS, ’n PENSIOENBEWARINGSFONDS of ’n GOEDGEKEURDE UITTREDINGSANNUÏTEITS-FONDS oorgedra word; met dien verstande dat:
(i) in geval van oordrag na ’n GOEDGEKEURDE VOORSORGFONDS, die bedrag wat so oorgedra word verminder sal word deur enige belasting wat daarop betaalbaar is; en
(ii) oordrag na ’n PENSIOENBEWARINGS-FONDS onderworpe is aan die vereistes soos van tyd tot tyd deur die BELASTINGOWERHEDE uiteengesit;

(e) elke OPBETAALDE LID sal toegang tot aftreevoordeelvoorligting hê voordat die voordeel waarna in (b) hierbo verwys word ingevolge (d)(i) of (d)(iii)(aa) hierbo aan sodanige persoon betaal word of ingevolge (d)(iii)(bb) hierbo na ’n ander fonds oorgeplaas word.

8. AFWESIGHEID

8.1 Indien ’n LID met die DEELHEBBER se toestemming uit die DIENS afwesig is, word die LID se lidmaatskap van die FONDS voortgesit en mag hy, met die toestemming van die DEELHEBBER, een van die volgende opsies uitoefen:
(a) om sy bydraes tot die FONDS ingevolge Reël 4.1 gedurende sy verlof te staak, in welke geval die DEELHEBBER nie sal bydra tot die LID se aftreevoordeel tydens sy verlof nie; of
(b) om voort te gaan om bydraes ingevolge Reël 4.1, gebaseer op sy PENSIOENGEWENDE INKOMSTE onmiddellik voor die aanvang van sy verlof tot die FONDS te maak, in welke geval die DEELHEBBER dienooreenkomstig sal aanhou om ingevolge Reël 4.2 ten opsigte van die LID tot die FONDS by te dra.

8.2 ’n Opsie ingevolge Reël 8.1 word uitgeoefen deurdat die LID en die DEELHEBBER die BEHEERLIGGAAM skriftelik in kennis stel van die opsie wat uitgeoefen is voor die datum waarop die LID se verlof begin.

8.3 Indien die LID en die DEELHEBBER versuim om ’n opsie binne die toegelate tydperk uit te oefen word aanvaar dat hulle opsie (b) in Reël 8.1 uitgeoefen het.

8.4 ’n LID se lidmaatskap van die FONDS verval en sy DIENS word geag beëindig te wees indien en sodra hy uit die DIENS van die DEELHEBBER afwesig is sonder die DEELHEBBER se toestemming. Die DEELHEBBER moet die BEHEERLIGGAAM onmiddellik inlig van die LID se afwesigheid en die datum waarop dit ’n aanvang geneem het.

8.5 ’n LID wat ingevolge die bepalings van die ONGESKIKTHEIDSSKEMA vir ’n ongeskiktheidsvoordeel kwalifiseer, word vir die doeleindes van die FONDS geag in DIENS te bly.

9. OORDRAGTE

9.1 Ooreenkoms tussen die Sinodale Pensioenfondse

Ingevolge ’n ooreenkoms tussen die SINODALE PENSIOENFONDSE betaal ’n SINODALE PENSIOENFONDS, in die geval van ’n predikant wat uit sy sinodale gebied na die gebied van ’n ander SINODALE PENSIOENFONDS verskuif, ’n oordragwaarde ingevolge die reëls van die betrokke oordraende fonds, oor aan die SINODALE PENSIOENFONDS waaronder die betrokke LID na verskuiwing gedek word.

9.2 Oordragte na die Fonds

9.2.1 Bedrae wat ingevolge die ooreenkoms tussen die SINODALE PENSIOENFONDSE ontvang word, word ten opsigte van ’n predikant wat sodanig na die gebied van die FONDS verskuif, deur die FONDS ten behoewe van die predikant onder sy FONDSKREDIET aangewend.

9.2.2 Indien ’n LID wat ’n lid van enige ander GOEDGEKEURDE PENSIOENFONDS, ’n PENSIOENBEWARINGSFONDS, ’n GOEDGEKEURDE VOORSORGFONDS of ’n VOORSORG-BEWARINGSFONDS is, kies om die voordeel waarop hy by sy verlating van daardie fonds geregtig is na die FONDS oor te dra, word die bedrag so oorgedra onder die LID se FONDSKREDIET aangewend.

9.2.3 Die FONDS neem ontvangs van die bedrag wat deur die Sinodale Pensioenfonds van die N.G. Kerk in die O.V.S. aan die FONDS betaalbaar is as gevolg van die oordrag met ingang van

1 September 2021 van lede van sodanige fonds na die FONDS. Van die bedrag wat so oorgedra is:

(a) word die bedrag wat betaalbaar is ten opsigte van elke sodanige persoon aangewend onder die LID se FONDSKREDIET of onder die INDIVIDUELE LEWENDE ANNUÏTEIT SUBREKENING in die geval van ’n persoon wat in ontvangs was van ’n lewende annuïteit uit sodanige fonds en die keuse uitgeoefen het om sy voordeel na die FONDS oor te plaas; en

(b) word die restant aan die KOSTEGEBEURLIKHEIDSRESERWEREKENING en die VERWERKINGSFOUTRESERWEREKENING toegedeel op sodanige basis soos bepaal deur die BEHEERLIGGAAM op advies van die AKTUARIS.

9.3 Oordragte uit die Fonds

9.3.1 In die geval van ’n predikant wat na die gebied van ’n ander SINODALE PENSIOENFONDS verskuif, word die FONDSKREDIET van die predikant na die ander SINODALE PENSIOENFONDS oorgedra.

9.3.2 In die geval van ’n predikant wat kwalifiseer vir lidmaatskap van die Belhar Pensioenfonds vir Predikante van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika, word die FONDSKREDIET van die predikant na genoemde fonds oorgedra.

9.3.3 In die geval van ’n predikant wat vir lidmaatskap van ’n ander GOEDGEKEURDE PENSIOENFONDS of ’n GOEDGEKEURDE VOORSORGFONDS deur middel van sy diens by sy werkgewer kwalifiseer, kan die BEHEERLIGGAAM goedkeuring verleen dat die FONDSKREDIET van sodanige predikant (minus enige belasting wat daarop betaalbaar is in geval van oordrag na ’n GOEDGEKEURDE VOORSORGFONDS) na sodanige fonds oorgeplaas word.

9.3.4 Indien ’n LID, in enige van die omstandighede beoog in die REËLS, na ’n ander GOEDGEKEURDE PENSIOENFONDS of ’n GOEDGEKEURDE VOORSORGFONDS oorgeplaas word en sodanige oorplasing onderworpe is aan die bepalings van Artikel 14 van die WET, word daar uitdruklik bepaal dat met ingang van die datum waarop hy ’n lid van sodanige fonds word, bydraes ingevolge Reël 4 sal staak.

10. ONTBINDING EN GEDEELTELIKE ONTBINDING VAN FONDS

10.1 Ontbinding van die Fonds

10.1.1 Die SINODE mag, na oorlegpleging met die BEHEERLIGGAAM, die FONDS te eniger tyd ontbind.

10.1.2 Indien die FONDS ontbind sou word, is die volgende bepalings van toepassing:

(a) die BEHEERLIGGAAM moet, onderworpe aan die REGISTRATEUR se goedkeuring, ’n likwidateur aanstel wat die FONDS moet likwideer met ingang van die datum waarop die REGISTRATEUR sy aanstelling goedkeur;

(b) ooreenkomstig die opdrag van die likwidateur moet al die gelde wat ingevolge die FONDS beskikbaar is na betaling van al die uitgawes wat met die likwidasie aangegaan is, aangewend word om voordele te voorsien aan al die LEDE, ANNUÏTANTE, persone in ontvangs van PENSIOENE uit die FONDS en ander begunstigdes op ’n billike grondslag wat deur die AKTUARIS aanbeveel en deur die likwidateur goedgekeur is;

(c) die bedrag wat ingevolge (b) hierbo beskikbaar is vir ’n ANNUÏTANT of persoon wat in ontvangs van ’n PENSIOEN uit die FONDS is, word aangewend om vir hom ’n annuïteit of annuïteite in sy eie naam van ’n VERSEKERAAR aan te koop en die bepalings van Reël 5.3.1 geld, mutatis mutandis, vir die aankoop van sodanige annuïteit of annuïteite;

(d) die bedrag wat ingevolge (b) hierbo beskikbaar is vir ’n persoon, behalwe ’n ANNUÏTANT of persoon wat in ontvangs van ’n PENSIOEN uit die FONDS is, word, soos die likwidateur in oorleg met die AKTUARIS mag besluit,

(i) òf, tot voordeel van sodanige persoon, na ’n ander GOEDGEKEURDE PENSIOEN-FONDS, ’n GOEDGEKEURDE VOORSORGFONDS, ’n PENSIOEN-BEWARINGSFONDS of ’n GOEDGEKEURDE AFTREE-ANNUÏTEITFONDS oorgedra;

(ii) òf, aangewend om vir sodanige persoon ’n annuïteit of annuïteite in sy eie naam van ’n VERSEKERAAR aan te koop en die bepalings van Reël 5.3.1 geld, *mutatis mutandis*, vir die aankoop van sodanige annuïteit of annuïteite;

(iii) òf, as ’n enkelbedragvoordeel aan sodanige persoon betaal; met dien verstande

dat:

(aa) in geval van oordrag na ’n GOEDGEKEURDE VOORSORG-FONDS, die bedrag wat so oorgedra word verminder word deur enige belasting wat daarop betaalbaar is; en

(bb) oordrag na ’n PENSIOEN-BEWARINGSFONDS onderworpe is aan die vereistes soos van tyd tot tyd deur die BELASTINGOWERHEDE uiteengesit; en

(e) indien ’n persoon aan wie ’n voordeel betaalbaar is, nie opgespoor kan word nie, word die bedrag waarna in (c) of (d) hierbo verwys word, oorgeplaas na ’n nasionale fonds wat deur wetgewing ingestel is met die doel om onopgeëiste voordele te huisves, of na ’n fonds wat deur ’n administrateur gestig is vir dieselfde doel.

10.1.3 Met die toedeling ingevolge Reël 10.1.2(b) moet die likwidateur elke vorige LID in aanmerking neem wat, gedurende die tydperk van minstens twaalf maande wat eindig op die aanvangsdatum van likwidasie, die DIENS verlaat het. Die vorige LID se toedeling word verminder met die bedrag van die voordeel wat hy by die verlating van DIENS ontvang het.

10.1.4 Wanneer alle betalings ingevolge Reël 10.1.2 deur die FONDS gemaak is, het die FONDS geen verdere aanspreeklikheid teenoor enige persoon nie en die FONDS se registrasie ingevolge die WET word gekanselleer.

10.1.5 Daar word uitdruklik bepaal dat die bepalings van die Tweede Wysigingswet op Pensioenfondse, Wet No. 39 van 2001, enige strydende bepalings in hierdie Reël 10.1, veral ten opsigte van die betaling van minimum voordele en die regte van die belanghouers, oorheers.

10.2 Gedeeltelike Ontbinding

10.2.1 ’n DEELHEBBER mag, met die toestemming van die SINODE, skriftelike kennis aan die BEHEERLIGGAAM gee van sy voorneme om sy deelname aan die FONDS as ’n DEELHEBBER te staak. In sodanige geval, tensy elke LID in die DIENS van sodanige DEELHEBBER ingevolge Reël 9.3 na ’n ander fonds oorgeplaas word, is die bepalings van Reël 10.1.2 van toepassing; met dien verstande dat daardie deel van die FONDS wat ingevolge die WET gelikwideer moet word, tot die totale bates en laste toeskryfbaar aan die LEDE wat verband hou met die onttrekkende DEELHEBBER beperk sal wees, soos bepaal deur die likwidateur in oorleg met die AKTUARIS.

10.2.2 Met die toedeling ingevolge Reël 10.1.2(b) moet die likwidateur elke vorige LID van die onttrekkende DEELHEBBER in aanmerking neem wat, gedurende die tydperk van minstens twaalf maande wat eindig op die aanvangsdatum van gedeeltelike likwidasie, die DIENS verlaat het. Die vorige LID se toedeling word verminder met die bedrag van die voordeel wat hy by die verlating van DIENS ontvang het.

10.2.3 Wanneer alle betalings ingevolge Reël 10.1.2 ten opsigte van die onttrekkende DEELHEBBER deur die FONDS gemaak is, het die FONDS geen verdere aanspreeklikheid nie teenoor enige persoon wat verband hou met daardie DEELHEBBER ten opsigte waarvan die FONDS bates en laste gehou het op die datum van gedeeltelike likwidasie.

11. AFTREKKINGS VAN VOORDELE

11.1 Die BEHEERLIGGAAM het die reg om sodanige aftrekkings te maak van die voordeel waarop ’n LID of ander begunstigde ingevolge die REËLS geregtig is as wat ingevolge Artikel 37D(1)(a), (b) en (c) van die WET toegelaat word en ten opsigte waarvan ’n skriftelike eis ingedien is binne sodanige redelike tyd na die gebeurtenis wat tot die voordeel aanleiding gegee het soos wat die BEHEERLIGGAAM van tyd tot tyd vir die indiening van sodanige eise mag bepaal.

11.2 Nieteenstaande enige ander bepalings van hierdie REËLS, mag die BEHEERLIGGAAM, waar ’n DEELHEBBER ’n regsgeding in ’n geregshof ingestel het en/of ’n kriminele aanklag teen die betrokke LID ingedien het vir vergoeding ten opsigte van skade aan die DEELHEBBER veroorsaak soos beoog in Artikel 37D van die WET, betaling van die voordeel terughou tot sodanige tyd dat die saak finaal beslis is deur ’n regsbevoegde geregshof of geskik is of formeel teruggetrek is; met dien verstande dat:

(a) die bedrag wat teruggehou word nie die bedrag wat ingevolge Artikel 37D(1)(b)(ii) van die WET afgetrek mag word, oorskry nie;

(b) die BEHEERLIGGAAM, na sy redelike goeddunke, oortuig is dat die DEELHEBBER ’n

prima facie saak teen die betrokke LID gemaak het en daar rede is om te glo dat die DEELHEBBER 'n redelike kans het om welslae te behaal met die geding wat ingestel is;

(c) die BEHEERLIGGAAM oortuig is dat die DEELHEBBER nie op enige stadium van die geding verantwoordelik is nie vir enige onredelike vertraging in die vervolging van die geding;

(d) sodra die geding beslis, geskik of teruggetrek is, enige voordeel waarop die LID geregtig is onmiddellik betaal word; en

(e) die BEHEERLIGGAAM, op die uitdruklike skriftelike versoek van 'n LID wie se voordeel teruggehou word, mag, indien van toepassing en prakties, toelaat dat die waarde van die LID se voordeel ten tye van sodanige versoek afgesonder word, op welke wyse ook al die BEHEERLIGGAAM as gepas beskou, van die moontlikheid van 'n vermindering in sodanige waarde as gevolg van swak beleggingprestasie.

11.3 Indien 'n LID ingevolge Reël 5 aftree, het die BEHEERLIGGAAM die reg om, voor die aankoop van 'n annuïteit of annuïteite ingevolge Reël 5.3.1, of voor die aanvang van betaling van 'n LEWENDE ANNUÏTEIT, indien van toepassing, die bedrag wat nodig is om die BEHEERLIGGAAM in staat te stel om enige bedrag wat ingevolge Artikel 37D van die WET van die LID se voordeel afgetrek mag word, in kontant om te skakel.

11.4 Indien 'n LID sterf terwyl hy in DIENS is, het die BEHEERLIGGAAM die reg om, voor die aankoop van 'n annuïteit of annuïteite ingevolge Reël 6.1.2, of voor die aanvang van betaling van 'n LEWENDE ANNUÏTEIT, indien van toepassing, die bedrag wat nodig is om die BEHEERLIGGAAM in staat te stel om enige bedrag wat ingevolge Artikel 37D van die WET van die begunstigdes se voordeel afgetrek mag word, in kontant om te skakel.

11.5 Onderworpe aan die bepalings van die WET, het die BEHEERLIGGAAM die reg om sodanige aftrekkings van die FONDSKREDIET van 'n LID te maak as wat toelaatbaar is ingevolge Artikel 37D(1)(d) van die WET.

12. BESTUUR VAN FONDS

12.1 Beheerliggaam

12.1.1 Onderworpe aan die bepalings van die WET en hierdie REËLS berus die verantwoordelikheid vir die bestuur van die FONDS geheel en al by die BEHEERLIGGAAM.

12.1.2 Die FONDS vorm nie deel van die fondse van die SINODE nie. Die FONDS word deur die BEHEERLIGGAAM van die FONDS apart van die ander fondse van die SINODE geadministreer en die FONDS se bates word apart belê, ten einde aan die vereistes van die WET te voldoen. Die SINODE lewer wel 'n administratiewe diens aan die FONDS in die sin dat die SINODE die bydraes invorder en in een bedrag aan die ADMINISTRATEURS oorbetaal (soos wat 'n werkgewer sou doen). Die ADMINISTRATEURS betaal ook in 'n enkelbedrag die pensioengeld oor waarmee die pensioenarisse maandeliks betaal word.

12.1.3 Die BEHEERLIGGAAM bestaan uit die volgende:

(a) elf verteenwoordigers van die SINODE, waarvan

(i) ses lede van die BEHEERLIGGAAM deur die LEDE wat nie verbonde is aan die sinodes van die Ned. Geref. Kerke in KwaZulu-Natal, Oos-Kaapland, Noord-Kaapland of Vrystaat nie, uit hulle eie geledere verkies word (hierna "VERKOSE LEDE" genoem); en

(ii) vyf lede van die BEHEERLIGGAAM deur die SINODE of ander toepaslike sinodale vergadering aangewys word (hierna "AANGEWESE LEDE" genoem);

(b) twee verteenwoordigers elk van die sinodes van die Ned. Geref. Kerke in KwaZulu-Natal, Oos-Kaapland, Noord-Kaapland en Vrystaat, waarvan

(i) een lid van die BEHEERLIGGAAM respektiewelik deur die LEDE verbonde aan die betrokke sinode uit hulle eie geledere verkies word (hierna "VERKOSE LEDE" genoem); en

(ii) een lid van die BEHEERLIGGAAM deur die betrokke sinode of ander toepaslike sinodale vergadering aangewys word (hierna "AANGEWESE LEDE" genoem);

(c) een verteenwoordiger van die PENSIOENTREKKERS wat deur die PENSIOENTREKKERS uit hulle eie geledere verkies word (hierna "PENSIOENTREKKER LID" genoem); en

(d) mits die FONDS ANNUÏTANTE het, een verteenwoordiger van die ANNUÏTANTE wat deur die ANNUÏTANTE uit hulle eie geledere verkies word (hierna "ANNUÏTANT LID" genoem). Die "ANNUÏTANT LID" se verkiesing sal saamval met die vier-jaarlikse (Reël

12.2.1) verkiesing van die “PENSIOENTREKKER LID”, verwys na in Reël 12.1.3(c).

12.1.4 Die volgende prosedure geld vir die verkiesing van lede van die BEHEERLIGGAAM deur LEDE:

(a) die LEDE waarna daar in Reël 12.1.3(a)(i) en Reël 12.1.3(b)(i) verwys word, word respektiewelik gevra om kandidate uit hulle eie geledere vir verkiesing tot lede van die BEHEERLIGGAAM as VERKOSE LEDE te nomineer;
(b) elke genomineerde moet sy nominasie skriftelik aanvaar;
(c) indien die aantal nominasies die aantal vakatures per sinodale gebied oorskry, vind stemming deur die betrokke LEDE, vanuit die kandidate wat die nominasie aanvaar het, per stembrief plaas;
(d) die genomineerdes wat die hoogste aantal stemme per sinodale gebied in die verkiesing ontvang, is die VERKOSE LEDE;
(e) indien die aantal nominasies gelyk is aan die aantal vakatures per sinodale gebied, vind geen stemming plaas nie en is die genomineerdes die VERKOSE LEDE.

12.1.5 Die volgende prosedure geld vir die verkiesing van ’n PENSIOENTREKKER LID deur PENSIOENTREKKERS:

(a) die PENSIOENTREKKERS word gevra om kandidate uit hulle eie geledere vir verkiesing tot lid van die BEHEERLIGGAAM as PENSIOENTREKKER LID te nomineer;
(b) elke genomineerde moet sy nominasie skriftelik aanvaar;
(c) indien daar meer as een nominasie is, vind stemming deur die PENSIOENTREKKERS, vanuit die kandidate wat die nominasie aanvaar het, per stembrief plaas;
(d) die genomineerde wat die hoogste aantal stemme in die verkiesing ontvang, is die PENSIOENTREKKER LID;
(e) indien daar slegs een nominasie is, vind geen stemming plaas nie en is die genomineerde die PENSIOENTREKKER LID.

12.1.6 Die volgende prosedure geld vir die verkiesing van ’n lid van die BEHEERLIGGAAM deur ANNUÏTANTE:

(a) die ANNUÏTANTE word gevra om kandidate uit hulle eie geledere vir verkiesing tot ’n lid van die BEHEERLIGGAAM as ’n ANNUÏTANT LID te nomineer;
(b) elke genomineerde moet sy nominasie skriftelik aanvaar;
(c) indien die aantal nominasies die aantal vakatures oorskry, vind stemming deur die ANNUÏTANTE, vanuit die kandidate wat die nominasie aanvaar het, per stembrief plaas;
(d) die genomineerde wat die hoogste aantal stemme in die verkiesing ontvang, is die ANNUÏTANT LID;
(e) indien slegs een nominasie ontvang word, vind geen stemming plaas nie en is die genomineerde die ANNUÏTANT LID.

12.1.7 Die SINODE en die betrokke sinodes wys sekundi aan vir die AANGEWESE LEDE. Die LEDE wat die tweede hoogste aantal stemme per sinodale gebied in die verkiesing verwys na in Reël 12.1.4 kry, dien as sekundi vir die VERKOSE LEDE. Die PENSIOENTREKKER wat die tweede hoogste aantal stemme in die verkiesing verwys na in Reël 12.1.5 kry, dien as sekundus vir die PENSIOENTREKKER LID. Die ANNUÏTANT wat die tweede hoogste aantal stemme in die verkiesing verwys na in Reël 12.1.6 kry, dien as sekundus vir die ANNUÏTANT LID.

12.1.8 Die SINODE, die betrokke sinodes, die LEDE, die PENSIOENTREKKERS en die ANNUÏTANTE het die reg om te eniger tyd, by wyse van ’n meerderheidstem, lede van die BEHEERLIGGAAM of sekundi deur hulle aangewys of verkies, van hulle amp te onthef en om nuwe lede van die BEHEERLIGGAAM of sekundi aan te wys of te verkies; met dien verstande dat sodanige lid van die BEHEERLIGGAAM se ontslag uit die amp nie van krag sal wees totdat hy ’n regverdige verhoor waarin hy sy saak kan stel, gegun is nie.

12.1.9 Die BEHEERLIGGAAM en sy sekundi wat ingevolge hierdie REËLS aangewys of verkies word, is nie op enige vergoeding vir hul dienste as sodanig geregtig nie.

12.1.10 Die BEHEERLIGGAAM het die mag om, in die naam van die FONDS, enige kontrakte te sluit of dokumente te onderteken en om enige regsgedinge deur of teen die FONDS in te stel, te voer, te verdedig, te skik of te laat vaar en om regulasies uit te vaardig wat die vorm en wyse voorskryf waarop eise ingedien en deur die FONDS hanteer moet word.

12.2 Ampstermyn

12.2.1 Onderworpe aan Reël 12.2.2 en Reël 12.3 beklee die lede van die BEHEERLIGGAAM en hulle sekundi hulle amp vir ’n tydperk van vier jaar; met dien verstande dat sodanige persone na

verstryking van hulle ampstermyn heraangewys of herverkies mag word.

12.2.2 ’n Lid van die BEHEERLIGGAAM of sekundus hou op om sodanig te wees indien:

(a) hy ophou om ’n LID van die FONDS te wees in die geval van ’n VERKOSE LID of sekundus deur die LEDE van die FONDS verkies; of
(b) hy ophou om ’n PENSIOENTREKKER te wees in die geval van ’n PENSIOENTREKKER LID of sekundus deur die PENSIOENTREKKERS van die FONDS verkies; of
(c) hy ophou om ’n ANNUÏTANT te wees in die geval van ’n ANNUÏTANT LID of sekundus deur die ANNUÏTANTE van die FONDS verkies; of
(d) hy te sterwe kom; of
(e) sy ampstermyn verstryk of hy ingevolge Reël 12.1.8 van sy amp onthef word; of
(f) hy bedank deur die voorsitter van die BEHEERLIGGAAM skriftelik kennis te gee; of
(g) hy sonder die verlof van die ander lede van die BEHEERLIGGAAM versuim het om drie agtereenvolgende vergaderings van die BEHEERLIGGAAM by te woon.

12.2.3 ’n Toevallige vakature in die geledere van die BEHEERLIGGAAM word:

(a) in die geval van ’n lid van die BEHEERLIGGAAM, deur sy sekundus gevul; of
(b) in die geval van ’n sekundus wat deur die SINODE of die betrokke sinodes aangewys is, deur ’n plaasvervanger deur die BEHEERLIGGAAM aangewys, gevul; of
(c) in die geval van ’n sekundus wat deur die LEDE, ANNUÏTANTE of PENSIOENTREKKERS verkies is, deur ’n plaasvervanger wat onderskeidelik deur die LEDE, ANNUÏTANTE of PENSIOENTREKKERS per geheime stembrief verkies is, gevul; met dien verstande dat sodanige persoon op dieselfde tydstip uittree as dié waarop die lid van die BEHEERLIGGAAM of sekundus in wie se plek hy aangestel of verkies is, sou uittree.

12.3 Onbevoegdheid vir die amp van ’n lid van die Beheerliggaam

Geen persoon in enige van die volgende kategorieë kwalifiseer vir die aanwysing of verkiesing as ’n lid van die BEHEERLIGGAAM nie en indien ’n lid van die BEHEERLIGGAAM te eniger tyd binne enige sodanige kategorie val, word hy van sy amp onthef:

(a) ’n minderjarige of enigeen wat kranksinnig of andersins handelingsonbevoeg is;
(b) enigeen wat ingevolge ’n bevel kragtens die Maatskappyewet, 2008, onbevoeg verklaar is as ’n direkteur;
(c) ’n ongerehabiliteerde insolvent;
(d) enigeen wat weens wangedrag uit ’n vertrouensamp onthef is;
(e) enigeen wat op enige aanklag skuldig bevind en veroordeel is tot gevangenisstraf sonder die keuse van ’n boete;
(f) enigeen wat skuldig bevind is aan diefstal, bedrog, vervalsing of uitgee van ’n vervalste dokument of meineed.

12.4 Vergaderings van die Beheerliggaam

12.4.1 Die BEHEERLIGGAAM vergader van tyd tot tyd, maar minstens twee keer elke jaar, om die FONDS se sake te bedryf. Tien lede van die BEHEERLIGGAAM vorm ’n kworum, waarvan minstens vyf van die lede teenwoordig VERKOSE LEDE moet wees.

12.4.2 Notules van alle vergaderings moet gehou word en ten minste 15 dae kennisgewing van elke gewone vergadering moet aan elke lid van die BEHEERLIGGAAM gegee word; met dien verstande dat hierdie kennisgewingstydperk, na die goeddunke van die BEHEERLIGGAAM verminder of opgehef mag word.

12.4.3 Die BEHEERLIGGAAM moet uit sy geledere ’n voorsitter van die BEHEERLIGGAAM verkies. Elke opeenvolgende voorsitter se ampstermyn verstryk na vier jaar, wanneer die BEHEERLIGGAAM ’n nuwe voorsitter uit sy geledere verkies; met dien verstande dat die huidige voorsitter herkiesbaar is. Indien die voorsitter van die BEHEERLIGGAAM afwesig is van enige vergadering van die BEHEERLIGGAAM, kies die teenwoordige lede van die BEHEERLIGGAAM uit hul geledere ’n voorsitter vir daardie vergadering.

12.4.4 By alle vergaderings van die BEHEERLIGGAAM is die beslissing van die meerderheid bindend en in geval die stemme staak, beskik die voorsitter van die vergadering benewens sy gewone stem ook oor ’n beslissende stem.

12.4.5 ’n Skriftelike besluit wat deur ’n meerderheid van al die lede van die BEHEERLIGGAAM onderteken is, is net so geldig soos ’n besluit wat by ’n vergadering van die BEHEERLIGGAAM geneem is en moet in die FONDS se notuleboek opgeteken word. Vir hierdie doel mag die

sekundus of plaasvervanger in die afwesigheid van die persoon vir wie hy ’n sekundus of plaasvervanger is, teken.

12.5 Ander aanstellings

12.5.1 Die BEHEERLIGGAAM moet ’n AKTUARIS, ’n OUDITEUR en ADMINISTRATEURS aanstel en mag enige sodanige aanstelling te eniger tyd herroep en ’n ander aanstelling in die plek daarvan doen.

12.5.2 Die BEHEERLIGGAAM moet ’n HOOFBEAMPTE ingevolge die WET aanstel en mag enige sodanige aanstelling te eniger tyd herroep en ’n ander aanstelling in die plek daarvan doen. Indien die HOOFBEAMPTE afwesig is uit die Republiek van Suid-Afrika of andersins nie in staat is om sy pligte uit te voer nie, moet die BEHEERLIGGAAM binne 30 dae ’n ander persoon aanstel om vir die tydperk van sy afwesigheid of onvermoë as HOOFBEAMPTE waar te neem.

12.5.3 Die BEHEERLIGGAAM mag konsultante aanstel op sodanige voorwaardes as wat die BEHEERLIGGAAM mag bepaal en mag enige sodanige aanstelling te eniger tyd herroep.

12.6 Skadeloosstelling van Fondsbeamptes

12.6.1 Die BEHEERLIGGAAM en alle ander beamptes van die FONDS word deur die FONDS skadeloos gestel teen alle gedinge, koste en uitgawes wat aangegaan word weens enige eis in verband met die FONDS wat nie uit hul nalatigheid, oneerlikheid of bedrog voortspruit nie.

12.6.2 Die BEHEERLIGGAAM moet toesien dat die FONDS verseker is teen enige verlies weens die oneerlikheid of bedrog van enige van sy beamptes.

12.7 Subkomitees

12.7.1 Die BEHEERLIGGAAM mag beslis dat enige besluitnemingsmag oor enige saak wat by die BEHEERLIGGAAM berus, benewens ’n saak waarna in Reël 13.1.6 verwys word, op sodanige bepalings en voorwaardes as wat die BEHEERLIGGAAM mag neerlê, na ’n sub-komitee of sub-komitees uit die BEHEERLIGGAAM se geledere soos deur die lede van die BEHEERLIGGAAM benoem, gedelegeer word.

12.7.2 Die besluit van ’n sub-komitee aan wie ’n mag sodanig gedelegeer word, word geag ’n besluit te wees wat deur die BEHEERLIGGAAM geneem is, tensy die BEHEERLIGGAAM bepaal dat die sub-komitee se besluit vir bekragtiging na die BEHEERLIGGAAM verwys moet word.

12.7.3 Daar word uitdruklik bepaal dat die BEHEERLIGGAAM in sy geheel volle verantwoordelikheid behou vir enige sub-komitee aan wie die BEHEERLIGGAAM se besluitnemingsmag ingevolge hierdie Reël gedelegeer is.

13. FINANSIËLE BEPALINGS

13.1 Beleggings

13.1.1 Alle gelde wat uit hoofde van die FONDS ontvang word, moet in ’n bankrekening wat in die naam van die FONDS geopen is, betaal word.

13.1.2 Die BEHEERLIGGAAM het, onderworpe aan die bepalings van die WET en die vereistes van die REGISTRATEUR, volmag om die gelde van die FONDS te ontvang, te administreer en aan te wend en om, na hul absolute goeddunke, die gelde van die FONDS te belê, op rente uit te sit, op deposito te plaas, voorskotte te gee, of andersins met die gelde van die FONDS te handel teen sodanige sekuriteit en op sodanige wyse as wat die BEHEERLIGGAAM van tyd tot tyd mag bepaal en om sodanige sekuriteite en ander beleggings te realiseer, te wysig, te herbelê of andersins daarmee te handel soos wat die BEHEERLIGGAAM van tyd tot tyd mag bepaal.

13.1.3 Die BEHEERLIGGAAM is gemagtig om versekeringspolisse by een of meer VERSEKERAARS uit te neem met die doel om die FONDS se geld te belê ten einde die koste te dek om voordele ingevolge hierdie REËLS te voorsien.

13.1.4 Die BEHEERLIGGAAM mag met die doel om ’n belegging te maak of enige tydelike kontanttekort te dek, onderworpe aan die vereistes van die REGISTRATEUR, ’n oortrekking by ’n bank bekom of sodanige bedrae as wat die BEHEERLIGGAAM mag goedkeur, by ’n DEELHEBBER of ander party leen op sodanige voorwaardes as wat die BEHEERLIGGAAM mag goeddink en mag vir hierdie doeleindes sodanige sekuriteit lewer as wat die BEHEERLIGGAAM besluit.

13.1.5 Alle titelbewyse en effekte moet in die naam van die FONDS geregistreer word, of in die naam

van sodanige genomineerde maatskappy wat vir die REGISTRATEUR aanvaarbaar is, as wat die BEHEERLIGGAAM mag aanstel. Die titeldokumente wat in die naam van die FONDS geregistreer is in verband met enige belegging of bate van die FONDS moet in veilige bewaring gehou word by die geregistreerde kantoor van die FONDS of by ’n bankinstelling, soos deur die BEHEERLIGGAAM besluit. Enige titeldokumente wat in die naam van ’n genomineerde maatskappy geregistreer is in verband met enige belegging of bate van die FONDS moet in veilige bewaring gehou word by die geregistreerde kantoor van daardie maatskappy of by ’n bankinstelling, soos deur daardie maatskappy besluit.

13.1.6 Die mag van die BEHEERLIGGAAM om beleggings te maak en om die betrokke effekte te realiseer, te wysig, te herbelê of op ander wyse daarmee te handel, mag deur die BEHEERLIGGAAM op sodanige bepalings en voorwaardes as wat die BEHEERLIGGAAM mag spesifiseer gedelegeer word aan:

(a) ’n sub-komitee uit sodanige van die BEHEERLIGGAAM se geledere as wat hulle mag benoem; of

(b) ’n finansiële instelling soos omskryf in die Wet op Finansiële Instellings (Beskerming van Fondse), 2001; of

(c) ’n persoon wat gelisensieerd is ingevolge die Securities Services Act, 2004.

Die BEHEERLIGGAAM is nie aanspreeklik vir die nalatigheid, oneerlikheid of bedrog van enige instelling waarna daar in (b) hierbo, of enige persoon waarna daar in (c) hierbo, verwys word nie; met dien verstande dat die BEHEERLIGGAAM skriftelike bevestiging ontvang het dat die instelling waarna daar in (b) hierbo, of die persoon waarna daar in (c) hierbo, verwys word, versekeringsdekking van ’n bedrag wat vir die BEHEERLIGGAAM genoegsaam is, gereël het ten opsigte van enige aanspreeklikheid wat deur sodanige instelling of persoon opgeloop mag word ten opsigte van die FONDS se beleggings.

13.1.7 Die BEHEERLIGGAAM het die mag om die bates en laste van die FONDS of ’n deel daarvan oor te dra na ’n ander GOEDGEKEURDE VOORSORGFONDS of na ’n GOEDGEKEURDE PENSIOENFONDS, of om oordrag te neem van die bates en laste of ’n deel daarvan van ’n ander GOEDGEKEURDE VOORSORGFONDS of GOEDGEKEURDE PENSIOENFONDS.

13.1.8 (a) Nieteenstaande die bepalings van Reël 13.1.2, mag die bevoegdheid van die BEHEERLIGGAAM om beleggings te maak deur die BEHEERLIGGAAM aan elke LID van die FONDS op sodanige terme en voorwaardes en in ooreenstemming met sodanige prosedures soos wat die BEHEERLIGGAAM van tyd tot tyd mag voorskryf, gedelegeer word. Sodanige terme, voorwaardes en prosedures sluit in, maar is nie beperk nie tot:

(i) die reg van die BEHEERLIGGAAM om die aantal, reeks en samestelling van enige beleggingsportefeuljes te bepaal en van tyd tot tyd te verander, waaruit ’n LID mag kies om die geheel of ’n deel van sy FONDSKREDIET en/of die bydraes wat deur hom en ten opsigte van hom gemaak word, te belê;

(ii) die reg van die BEHEERLIGGAAM om, geheel na eie goeddunke, enige onkostes wat aangegaan word in verband met enige beleggingskeuse wat deur ’n LID gemaak is, in ag te neem wanneer die BELEGGINGS-OPBRENGS ten opsigte van daardie LID bepaal word;

(iii) in die geval van ’n LID wat nie binne sodanige tydperk wat deur die BEHEERLIGGAAM gespesifiseer word ’n beleggingsportefeulje ten opsigte van die geheel of ’n deel van sy FONDSKREDIET en/of die bydraes wat deur hom en ten opsigte van hom gemaak word, kies nie, die reg van die BEHEERLIGGAAM om die geskikte beleggingsportefeulje wat die beste by sodanige LID pas, te kies en te verander, met inagneming van die tydperk wat oorbly tot ’n geskatte aftreedatum soos bepaal deur die BEHEERLIGGAAM.

(b) Die BEHEERLIGGAAM sal redelike stappe neem om te verseker dat die LEDE voldoende ingelig is oor die beleggingskeuses wat vir hulle beskikbaar is en die gevolge van hulle besluite. Die BEHEERLIGGAAM sal geensins die LEDE adviseer, beïnvloed of bystaan in die maak van hulle keuses nie. Sodanige advies moet deur die LEDE van hulle persoonlike finansiële beplanners of sodanige ander finansiële raadgewers soos wat die BEHEERLIGGAAM van tyd tot tyd vir die voordeel van LEDE mag reël, verkry word.

(c) Hoewel die BEHEERLIGGAAM redelike stappe sal neem om te verseker dat die belange van alle LEDE beskerm is, sal die BEHEERLIGGAAM en die FONDS nie aanspreeklik wees nie vir enige verlies, skade of nadeel wat deur enige LID of ander persoon, wat

aanspraak maak op ’n voordeel of enige ander bedrag ingevolge die FONDS, gely word of beweer gely te geword het, as gevolg van of in verband met enige beleggingskeuse wat deur ’n LID gemaak is.

13.2 Uitgawes

13.2.1 Tensy uitdruklik elders voorsien in hierdie REËLS, word al die uitgawes in verband met of gepaardgaande met die bestuur of administrasie van die FONDS deur die FONDS betaal.

13.2.2 Die FONDS dra jaarliks administrasiegelde soos van tyd tot tyd deur die BEHEERLIGGAAM bepaal, tot die betrokke kerkkantoorfonds by. Die saakgelastigde van die Wes-Kaap en sy personeel word deur die FONDS vergoed vir dienste gelewer aan die FONDS ter uitvoering van hulle voorkantoor verpligtinge. Die bedrag van die vergoeding word jaarliks deur die saakgelastigde bepaal en aan die BEHEERLIGGAAM voorgelê vir goedkeuring.

13.3 Rekeninge

Die BEHEERLIGGAAM moet toesien dat volledige en juiste rekeninge van die FONDS gehou word, dat sodanige rekeninge aan die einde van elke FINANSIËLE JAAR opgemaak, deur die OUDITEUR geoudit en by die REGISTRATEUR ingedien word.

13.4 Rente op die laat betaling van voordele

Rente mag betaalbaar wees op die laat betaling van enige voordeel wat verskuldig is aan ’n LID of begunstigde by sodanige LID se aftrede, sterfte of verlating van DIENS ingevolge Reël 7, of, onderworpe aan die bepalings van die WET, op enige bedrag wat ten behoewe van die LID na ’n ander GOEDGEKEURDE PENSIOENFONDS, GOEDGEKEURDE VOORSORGFONDS of GOEDGEKEURDE UITTREDINGSANNUÏTEITSFONDS, of, onderworpe aan die vereistes van die BELASTINGOWERHEDE, na ’n PENSIOENBEWARINGSFONDS, oorgedra word. Enige sodanige rente word ingevolge die praktyk van die FONDS betaal. Daar word uitdruklik bepaal dat indien ’n LID die opsie uitoefen om sy voordeel ingevolge Reël 7.2.1(b) of Reël 7.2.3(d)(iii)(bb) oor te plaas en sy voordeel word nie na die betrokke fonds oorgeplaas voor die verstryking van die tydperk voorgeskryf deur wetgewing nie, is rente betaalbaar op sodanige bedrag teen ’n koers wat nie minder is nie as die koers voorgeskryf deur wetgewing.

13.5 Aktuariële Waardasies

13.5.1 Die AKTUARIS moet ten minste elke drie jaar ondersoek instel na die finansiële toestand van die FONDS en verslag daaroor doen. Die BEHEERLIGGAAM moet ’n afskrif van sodanige verslag aan die REGISTRATEUR stuur en moet toesien dat ’n afskrif van sodanige verslag of ’n opsomming daarvan aan die SINODE en elke DEELHEBBER wat aan die FONDS deelneem gestuur word.

13.5.2 Indien die ondersoek aantoon dat daar ’n tekort is, word die wyse waarop die tekort befonds gaan word deur die BEHEERLIGGAAM in oorleg met die AKTUARIS oorweeg. Die besluit oor hoe die tekort befonds gaan word, word deur die BEHEERLIGGAAM op raad van die AKTUARIS en onderworpe aan die SINODE se goedkeuring geneem; met dien verstande dat enige kredietsaldo in die LEDESURPLUSREKENING en die DEELHEBBERSURPLUSREKENING aangewend sal word om sodanige tekort te befonds ooreenkomstig die bepalings van Artikel 15H van die WET.

13.5.3 Indien ’n ondersoek aantoon dat daar ’n aktuariële surplus is, besluit die BEHEERLIGGAAM, in oorleg met die AKTUARIS, oor die toedeling van sodanige surplus aan die LEDESURPLUSREKENING en die DEELHEBBER-SURPLUSREKENING.

14. ADMINISTRASIE VAN FONDS

14.1 Die FONDS word geadministreer deur die ADMINISTRATEURS wat handel in opdrag van die BEHEERLIGGAAM.

14.2 Die DEELHEBBERS moet van tyd tot tyd aan die BEHEERLIGGAAM ten opsigte van werknemers wat LEDE is alle nodige besonderhede verstrek wat hul voordele of hul aanspraak op voordele ingevolge die FONDS raak en die BEHEERLIGGAAM moet toesien dat sodanige besonderhede aan die ADMINISTRATEURS verstrek word. Die BEHEERLIGGAAM en die ADMINISTRATEURS is geregtig om op sodanige besonderhede te handel sonder verdere

ondersoek en is nie teenoor enige LID of teenoor die DEELHEBBER of enige ander persoon of liggaam hoegenaamd verantwoordelik vir enige verkeerde voorstelling of foute of weglatings wat in sodanige besonderhede vervat mag wees nie.

14.3 Die ADMINISTRATEURS moet ’n volledige opgawe hou van alle nodige besonderhede van die LEDE van die FONDS en van alle persone wat op voordele geregtig is en van alle ander sake wat vir die bedryf van die FONDS noodsaaklik is.

14.4 Die ADMINISTRATEURS moet volledige en juiste rekeninge van die FONDS hou soos vereis ingevolge Reël 13.3.

14.5 Alle tjeks, kontrakte en ander dokumente met betrekking tot die FONDS moet onderteken word deur sodanige persone soos wat die BEHEERLIGGAAM ingevolge ’n resolusie mag aanstel; met dien verstande dat dokumente wat by die REGISTRATEUR ingedien moet word, onderteken moet word op die wyse wat in die WET uiteengesit word.

14.6 Die ADMINISTRATEURS moet getrouheidswaarborgversekering in stand hou om die FONDS skadeloos te stel teen enige verlies wat voortspruit uit die oneerlikheid of bedrog van enige persoon in hulle diens.

15. WYSIGINGS

15.1 Die BEHEERLIGGAAM mag hierdie REËLS te eniger tyd wysig met verslag aan die SINODE.

15.2 Geen wysiging tot die REËLS wat die finansiële toestand van die FONDS raak mag aangebring word voordat dit deur die BEHEERLIGGAAM na die AKTUARIS verwys is nie.

15.3 Aan die sinodes van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika, die Ned. Geref. Kerk in KwaZulu-Natal, die Ned. Geref. Kerk in Oos-Kaapland, die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland, die Ned. Geref. Kerk in Vrystaat en DEELHEBBERS ten opsigte van weduweebelange uit die Transvaal se KERK word die reg verleen om skriftelik aan die BEHEERLIGGAAM hul aanbevelings met betrekking tot die FONDS te doen.

15.4 Alle wysigings tot die REËLS moet voorgelê word aan die REGISTRATEUR, die BELASTINGOWERHEDE en enige ander statutêre owerheid wat dit vereis.

15.5 Indien die registrasie van enige wysiging tot hierdie REËLS ingevolge die WET op ’n datum na die effektiewe datum van die wysiging geskied, tree die wysiging nietemin in werking vanaf die effektiewe datum soos in die wysiging vermeld.

16. VERTOLKING VAN REËLS EN DISPUTE

16.1 Die beslissing van die BEHEERLIGGAAM rakende die betekenis of vertolking van hierdie REËLS of enige bepaalde Reël of deel van ’n Reël is finaal en bindend op die DEELHEBBERS, LEDE en elke persoon wat daarop aanspraak maak dat hy op ’n voordeel ingevolge hierdie REËLS geregtig is, onderworpe aan die bepalings van Artikel 30A van die WET.

16.2 Enige kwessie wat mag ontstaan met betrekking tot ’n eis deur enige persoon ingevolge hierdie REËLS word deur die BEHEERLIGGAAM, onderworpe aan die bepalings van Artikel 30A van die WET, beslis.

16.3 Indien enige persoon wat geraak word deur ’n beslissing van die BEHEERLIGGAAM ingevolge Reël 16.1 of Reël 16.2 ontevrede is met die beslissing, het hy die reg om ’n skriftelike klagte in te dien soos beoog in Artikel 30A van die WET. Indien sodanige persoon ontevrede bly mag hy sy klagte indien by die Beregter vir Pensioenfondse wat ingevolge die WET aangestel is en word daar ooreenkomstig Artikels 30D tot 30P van die WET daarmee gehandel.

16.4 Die DEELHEBBER, die BEHEERLIGGAAM (of een of meer van hul geledere), of enige ander persoon met ’n klagte of ’n feite- of regsdispuut, het, nieteenstaande enigiets strydig in hierdie

REËLS, die reg om hulle op die klagteprosedures ooreenkomstig die WET te beroep.

17. DIVERSE BEPALINGS

17.1 (a) Onderworpe aan die betaling van sodanige gelde as wat die BEHEERLIGGAAM mag vereis, is ’n LID op aansoek geregtig op ’n afskrif van enige van die dokumente waarna daar in Artikel 35(1) van die WET verwys word.

(b) ’n LID is op aansoek geregtig om sonder koste ’n afskrif van enige van die dokumente waarna daar in Artikel 35(2) van die WET verwys word, na te gaan en uittreksels daaruit te maak.

17.2 (a) Betaling van elke voordeel ingevolge hierdie REËLS word aan die persoon wat daarop geregtig is gemaak by wyse van elektroniese oorplasing na die bankrekening van sodanige persoon aan ’n bank wat ingevolge die Wet op Banke, 1990, soos gewysig, geregistreer is.

(b) Op versoek van die begunstigde, mag betaling geskied op sodanige ander wyse waarop die begunstigde en die BEHEERLIGGAAM ooreenkom, met inbegrip van

(i) betaling by die geregistreerde kantoor van die FONDS; of

(ii) pos per geregistreerde pos of op sodanige ander manier soos deur die BEHEERLIGGAAM ooreengekom.

(c) Betaling ingevolge (a) of (b) hierbo maak ’n volle en finale vereffening uit van alle eise om die voordeel teen die FONDS en nòg die FONDS, nòg die BEHEERLIGGAAM of die ADMINISTRATEURS het enige verdere aanspreeklikheid vir die voordeel teenoor enige persoon.

17.3 Alle voordele en reg op voordele ingevolge hierdie REËLS is onderworpe aan die verbodsbepalings met betrekking tot aftrekking, oordrag, ens. wat in Artikels 37A en 37B van die WET vervat is.

17.4 ’n Afsonderlike register ten opsigte van voordele verskuldig ingevolge die FONDS wat nog nie opgeëis is nie word deur die ADMINISTRATEURS in stand gehou. Onderworpe aan die bepalings van die WET, word daar op die volgende wyse met enige sodanige voordeel gehandel:

(a) indien ’n potensiële begunstigde die FONDS op enige stadium nader, word sy eis deur die BEHEERLIGGAAM oorweeg en indien die omstandighede dit regverdig, word daardie deel van die voordeel, tesame met sodanige rente soos wat die BEHEERLIGGAAM mag toelaat, wat op die datum van betaling aan die begunstigde enige koste aangegaan deur die FONDS in die administrasie van sodanige voordeel en enige bedrag waarna in Reël 17.9 verwys word oorskry, aan die begunstigde betaal; of

(b) indien so besluit deur die BEHEERLIGGAAM, mag daardie deel van die voordeel, tesame met sodanige rente soos wat die BEHEERLIGGAAM mag toelaat, wat op die datum van oordrag ingevolge hierdie Reël enige koste aangegaan deur die FONDS in die administrasie van sodanige voordeel en enige bedrag waarna in Reël 17.9 verwys word oorskry, oorgeplaas word na ’n nasionale fonds wat deur wetgewing ingestel is met die doel om onopgeëiste voordele te huisves, of na ’n fonds wat deur ’n administrateur gestig is vir dieselfde doel.

17.5 Niks in hierdie REËLS beperk op enige wyse die reg van die DEELHEBBER om die DIENS van enige LID te beëindig of raak enige ooreenkoms tussen die DEELHEBBER en ’n werknemer met betrekking tot diensvoorwaardes nie.

17.6 Geen persoon het enige eis in verband met die FONDS teen òf die FONDS òf die DEELHEBBERS nie, behalwe in ooreenstemming met hierdie REËLS.

17.7 Toelating tot die lidmaatskap van die FONDS word beskou as ’n erkenning deur die LID dat hy instem dat hierdie REËLS, met inbegrip van enige wysiging tot hierdie REËLS, bindend is op hom en op enige persoon wat uit hoofde van sy lidmaatskap op ’n voordeel ingevolge die FONDS aanspraak maak.

17.8 Onderworpe aan die vereistes van die BELASTINGOWERHEDE soos van tyd tot tyd uiteengesit en die betaling deur die DEELHEBBER van sodanige addisionele bydrae, of bydraes, soos wat die BEHEERLIGGAAM na oorlegpleging met die AKTUARIS mag besluit om nodig te wees, mag die BEHEERLIGGAAM, met die ooreenkoms van die DEELHEBBER, gelas dat enige voordeel betaalbaar aan of ten opsigte van enige LID verhoog mag word op sodanige grondslag as wat in oorlegpleging met die AKTUARIS bepaal word.

17.9 Indien enige koste aangegaan word as gevolg van die BEHEERLIGGAAM se opsporing van enige potensiële begunstigdes wie se voordele verskuldig ingevolge die FONDS onopgeëis is of ten einde gevolg te gee aan die bepalings van Artikel 37C van die WET, mag sodanige redelike koste in aanmerking geneem word by die berekening van die voordele betaalbaar aan sodanige begunstigdes.

18. LEWENDE ANNUÏTEITE

18.1 Die voorsiening van LEWENDE ANNUÏTEITE uit die FONDS is te alle tye onderworpe aan sodanige bepalings en voorwaardes as wat die BEHEERLIGGAAM van tyd tot tyd mag voorskryf, met inagneming van die LEWENDE ANNUÏTEIT BELEIDSDOKUMENT, en aan enige vereistes en beperkings van tyd tot tyd deur die BELASTINGOWERHEDE opgelê of deur wetgewing voorgeskryf.

18.2 Die bedrag van die LEWENDE ANNUÏTEIT word, onderworpe aan sodanige bepalings en voorwaardes as wat die BEHEERLIGGAAM mag voorskryf en enige vereistes en beperkings van tyd tot tyd deur die BELASTINGOWERHEDE opgelê of deur wetgewing voorgeskryf, bepaal deur die ANNUÏTANT by die aanvangsdatum van die betaling daarvan en jaarliks daarna by die herdenking van die aanvangsdatum en word uitsluitlik uit die INDIVIDUELE LEWENDE ANNUÏTEIT SUBREKENING betaalbaar.

18.3 Die ANNUÏTANT mag kies om advies in te win, in die neem van ‘n besluit vir die doeleindes van Reël 18.2 en Reël 18.10; met dien verstande dat indien die BEHEERLIGGAAM so bepaal, die koste van sodanige advies ingevolge Reël 4.4.6.2(b)(v) uit die ANNUÏTANT se INDIVIDUELE LEWENDE ANNUÏTEIT SUBREKENING betaal sal word.

18.4 Die eerste LEWENDE ANNUÏTEIT paaiement is betaalbaar op die laaste dag van die maand wat volg op die maand waarin die LID se AFTREDE UIT DIE FONDS plaasgevind het of die laaste dag van die maand wat volg op die maand waarin ’n begunstigde se voordeel by die afsterwe van ’n LID aan sy INDIVIDUELE LEWENDE ANNUÏTEIT SUBREKENING toegeken is, na gelang van die geval. Indien die eerste paaiement om praktiese redes nie op sodanige dag kan plaasvind nie, sal die agterstallige paaiemente by die eerste paaiement wat wel kan plaasvind gevoeg word.

18.5 Die FONDS se aanspreeklikheid ten opsigte van ’n LEWENDE ANNUÏTEIT betaalbaar ingevolge die REËLS, is te eniger tyd beperk tot die balans in die INDIVIDUELE LEWENDE ANNUÏTEIT SUBREKENING.

18.6 By die dood van ’n ANNUÏTANT wat ’n afgetrede LID was, word die balans van die oorlede ANNUÏTANT se INDIVIDUELE LEWENDE ANNUÏTEIT SUBREKENING, die aanvangsbalans van die INDIVIDUELE LEWENDE ANNUÏTEIT SUBREKENING van sy KWALIFISERENDE GADE en gaan voort om betaal te word aan die KWALIFISERENDE GADE as ’n LEWENDE ANNUÏTEIT in ooreenstemming met die bepalings en voorwaardes soos uiteengesit in hierdie Reël 18; met dien verstande dat indien die oorlede ANNUÏTANT meer as een KWALIFISERENDE GADE agterlaat, word die balans van die oorlede ANNUÏTANT se INDIVIDUELE LEWENDE ANNUÏTEIT SUBREKENING, tussen sy KWALIFISERENDE GADES verdeel in sodanige verhoudings soos wat die BEHEERLIGGAAM, na hul absolute goeddunke, mag bepaal.
Indien sodanige oorlede ANNUÏTANT nie ’n KWALIFISERENDE GADE agterlaat nie, mag die begunstigde geregtig op ’n voordeel ingevolge Artikel 37C van die WET kies:
(a) dat die balans van die oorlede ANNUÏTANT se INDIVIDUELE LEWENDE ANNUÏTEIT

SUBREKENING of, indien meer as een begunstigde, die begunstigde se proporsionele deel van die balans van die oorlede ANNUÏTANT se INDIVIDUELE LEWENDE ANNUÏTEIT SUBREKENING, die aanvangsbalans van die INDIVIDUELE LEWENDE ANNUÏTEIT SUBREKENING van sodanige begunstigde word en voortgaan om betaal te word aan die begunstigde as ’n LEWENDE ANNUÏTEIT in ooreenstemming met die bepalings en voorwaardes soos uiteengesit in hierdie Reël 18; of

(b) dat die balans van die oorlede ANNUÏTANT se INDIVIDUELE LEWENDE ANNUÏTEIT SUBREKENING of, indien meer as een begunstigde, die begunstigde se proporsionele deel van die balans van die oorlede ANNUÏTANT se INDIVIDUELE LEWENDE ANNUÏTEIT SUBREKENING:
   (i) óf ten volle betaal word aan sodanige begunstigde as ’n enkelbedrag;
   (ii) óf gedeeltelik betaal word aan sodanige begunstigde as ’n enkelbedrag en dat die balans die aanvangsbalans van die INDIVIDUELE LEWENDE ANNUÏTEIT SUBREKENING van sodanige begunstigde word en betaal word aan die begunstigde as ’n LEWENDE ANNUÏTEIT in ooreenstemming met die bepalings en voorwaardes soos uiteengesit in hierdie Reël 18;

met dien verstande dat indien die ANNUÏTANT geen begunstigde geregtig op ’n voordeel ingevolge Artikel 37C van die WET agterlaat nie, enige balans van die oorlede ANNUÏTANT se INDIVIDUELE LEWENDE ANNUÏTEIT SUBREKENING aan sy boedel betaal word.

18.7 By die dood van ’n ANNUÏTANT wat nie ’n afgetrede LID was nie, word die balans van die oorlede ANNUÏTANT se INDIVIDUELE LEWENDE ANNUÏTEIT SUBREKENING of, indien meer as een GENOMINEERDE BEGUNSTIGDE, die GENOMINEERDE BEGUNSTIGDE se proporsionele deel van die balans van die oorlede ANNUÏTANT se INDIVIDUELE LEWENDE ANNUÏTEIT SUBREKENING, aan sodanige GENOMINEERDE BEGUNSTIGDE as ’n enkelbedrag betaal; met dien verstande dat indien die ANNUÏTANT geen GENOMINEERDE BEGUNSTIGDE agterlaat nie, enige balans van die oorlede ANNUÏTANT se INDIVIDUELE LEWENDE ANNUÏTEIT SUBREKENING aan sy boedel betaal word.

18.8 Indien die waarde van die bates in die INDIVIDUELE LEWENDE ANNUÏTEIT SUBREKENING te eniger tyd minder word as ’n bedrag deur wetgewing voorgeskryf, mag die volle oorblywende waarde van die bates in die INDIVIDUELE LEWENDE ANNUÏTEIT SUBREKENING aan die ANNUÏTANT as ’n enkelbedragvoordeel betaal word.

18.9 ’n ANNUÏTANT mag te eniger tyd kies om die balans van sy INDIVIDUELE LEWENDE ANNUÏTEIT SUBREKENING na ’n VERSEKERAAR van sy keuse oor te dra, ten einde ’n annuïteit in sy eie naam aan te koop; met dien verstande dat:

(a) die annuïteit so aangekoop onderworpe is aan die bepalings van die Inkomstebelastingwet, 1962, die Langtermynversekeringswet, 1998, en enige vereistes van tyd tot tyd deur die BELASTINGOWERHEDE gespesifiseer; en
(b) met die aankoop van ’n annuïteit ingevolge hierdie Reël, die FONDS geen verdere aanspreeklikheid ten opsigte van die LEWENDE ANNUÏTEIT betaalbaar aan sodanige persoon het nie, sodanige aanspreeklikheid berus by die VERSEKERAAR van wie die annuïteit aangekoop is.

18.10 (a) Nieteenstaande die bepalings van Reël 13.1.2, mag die bevoegdheid van die BEHEERLIGGAAM om beleggings te maak deur die BEHEERLIGGAAM aan elke ANNUÏTANT op sodanige bepalings en voorwaardes en in ooreenstemming met sodanige prosedures as wat die BEHEERLIGGAAM van tyd tot tyd mag voorskryf, gedelegeer word. Sodanige bepalings, voorwaardes en prosedures sluit in, maar is nie beperk nie tot:
   (i) die reg van die BEHEERLIGGAAM om die aantal, reeks en samestelling van enige beleggingsportefeuljes te bepaal en van tyd tot tyd te verander, waaruit ’n ANNUÏTANT mag kies om die geheel of ’n deel van sy INDIVIDUELE LEWENDE ANNUÏTEIT SUBREKENING te belê;
   (ii) die reg van die BEHEERLIGGAAM om enige koste verbonde aan die beleggingsportefeuljes waarna in (i) hierbo verwys word en enige koste verbonde aan enige verandering van beleggingsportefeulje te aanvaar;

(iii) die reg van die BEHEERLIGGAAM om, geheel na eie goeddunke, enige koste wat aangegaan word in verband met enige beleggingskeuse wat deur ’n ANNUÏTANT gemaak is, in ag te neem wanneer die BELEGGINGSOPBRENGS ten opsigte van daardie ANNUÏTANT bepaal word;

(iv) in die geval van ’n ANNUÏTANT wat nie ’n beleggingsportefeulje ten opsigte van die geheel of ’n deel van sy INDIVIDUELE LEWENDE ANNUÏTEIT SUBREKENING kies nie, die reg van die BEHEERLIGGAAM om die beleggingsportefeulje te kies en te verander.

(b) Die BEHEERLIGGAAM sal toesien dat toepaslike inligting vir die ANNUÏTANTE voorsien word. Die BEHEERLIGGAAM sal redelike stappe neem om te verseker dat ANNUÏTANTE voorsien word met die FONDS inligting en sal toesien dat ANNUÏTANTE voldoende ingelig is oor die beleggingskeuses wat aan hulle beskikbaar is en die moontlike gevolge van hulle besluite. Die BEHEERLIGGAAM sal geensins ANNUÏTANTE beïnvloed in die maak van hulle keuses nie; met dien verstande dat die BEHEERLIGGAAM vereistes kan stel met betrekking tot die voorsiening van finansiële advies in die LEWENDE ANNUÏTEIT BELEIDSDOKUMENT.

(c) Hoewel die BEHEERLIGGAAM redelike stappe sal neem om te verseker dat die belange van alle ANNUÏTANTE beskerm is, sal die BEHEERLIGGAAM en die FONDS nie aanspreeklik wees nie vir enige verlies, skade of nadeel wat deur enige ANNUÏTANT of ander persoon, wat aanspraak maak op ’n voordeel of enige ander bedrag ingevolge die FONDS, gely word of beweer gely te geword het, as gevolg van of in verband met enige beleggingskeuse wat deur ’n ANNUÏTANT gemaak is.

AANHANGSEL I
SPESIALE BEPALINGS VAN TOEPASSING OP PERSONE IN ONTVANGS VAN ’N PENSIOEN UIT DIE FONDS OP 31 DESEMBER 2007

Die volgende spesiale bepalings geld ten opsigte van daardie persone wat op 31 Desember 2007 in ontvangs van ’n PENSIOEN uit die FONDS was.

1. OMSKRYWINGS

Die volgende omskrywings geld vir die doeleindes van hierdie Aanhangsel:

1.1 “KWALIFISERENDE GADE” beteken ten opsigte van ’n oorlede PENSIOENTREKKER, ’n persoon wat tot bevrediging van die BEHEERLIGGAAM bewys voorlê dat, op datum van sodanige PENSIOENTREKKER se afsterwe sodanige persoon getroud was met die oorledene by wyse van ’n burgerlike of godsdienstige seremonie of ’n gebruiklike verbinding ingevolge die inheemse reg of gewoonte of enige ander verbinding wat onder Suid-Afrikaanse wetgewing as ’n huwelik erken word.

1.2 “KWALIFISERENDE KIND” beteken die ongetroude, eie of aangenome kind, wat na die diskresie van die BEHEERLIGGAAM by die PENSIOENTREKKER se dood geheel en al van die PENSIOENTREKKER vir onderhoud afhanklik is en wat:

(a) nog nie die ouderdom van 18 jaar bereik het nie, nie selfonderhoudend is nie en nog nie onder die Inkomstebelastingwet, 1962 belastingpligtig is nie; of

(b) nog nie die ouderdom van 26 jaar bereik het nie en ’n voltydse student is by ’n opvoedkundige inrigting wat deur die BEHEERLIGGAAM goedgekeur is; of

(c) fisies of geestelik gestrem is en nie onder die Inkomstebelastingwet, 1962 belastingpligtig is nie.

1.3 “AFTREDE UIT DIE FONDS” beteken die datum waarop ’n voordeel uit die FONDS verskuldig en betaalbaar geword het aan ’n PENSIOENTREKKER.

2. BETALING VAN PENSIOENE UIT DIE FONDS

Elke PENSIOEN wat ingevolge hierdie Aanhangsel aan ’n PENSIOENTREKKER, KWALIFISERENDE GADE of KWALIFISERENDE KIND betaalbaar is, word uit die FONDS betaal, tensy sodanige persoon die opsie uitoefen om sy PENSIOEN as ’n annuïteit of annuïteite in sy naam van ’n VERSEKERAAR ingevolge klousule 5 van hierdie Aanhangsel aan te koop, mits die BEHEERLIGGAAM die keuse beskikbaar stel.

2.1 Betaling van Pensioene aan Pensioentrekkers

2.1.1 PENSIOENE is maandeliks agterna betaalbaar op die laaste dag van elke maand. Elke maandelikse paaiement is gelyk aan een-twaalfde van die jaarlikse bedrag van die PENSIOEN.

2.1.2 Onderworpe aan die bepalings van klousule 6 van hierdie Aanhangsel, is geen betaling van ’n PENSIOENTREKKER se PENSIOEN betaalbaar na die laaste dag van die maand waarin die PENSIOENTREKKER sterf nie en ’n volle maand se PENSIOEN word betaal ten opsigte van die maand waarin die PENSIOENTREKKER te sterwe kom; met dien verstande dat indien die PENSIOENTREKKER ’n KWALIFISERENDE GADE nalaat, die laaste PENSIOEN paaiement aan sodanige KWALIFISERENDE GADE betaal word.

2.1.3 ’n PENSIOENTREKKER mag die opsie uitoefen om die totale waarde van die PENSIOEN wat uit die FONDS aan hom betaal word in kontant om te skakel; met dien verstande dat:

(a) die totale waarde van die PENSIOEN wat uit die FONDS aan hom betaal word soos op die datum van kommutasie nie sodanige maksimum bedrag soos wat die BELASTINGOWERHEDE van tyd tot tyd mag bepaal, oorskry nie; en

(b) die BEHEERLIGGAAM genoegsame bewys het dat die PENSIOENTREKKER nie enige gedeelte van sy PENSIOEN by AFTREDE UIT DIE FONDS in kontant omgeskakel het nie.

2.1.4 Nieteenstaande die bepalings van klousule 2.1.3 van hierdie Aanhangsel, mag die BEHEERLIGGAAM, indien die totale waarde van ’n PENSIOEN wat uit die FONDS aan ’n PENSIOENTREKKER betaal word soos op die datum van kommutasie nie R50 000, of sodanige ander bedrag soos wat van tyd tot tyd deur die BELASTINGOWERHEDE gespesifiseer mag word, oorskry nie, die PENSIOENTREKKER toelaat om die totale waarde van sy PENSIOEN in kontant om te skakel, ongeag of die BEHEERLIGGAAM genoegsame bewys het dat die PENSIOENTREKKER nie enige gedeelte van sy PENSIOEN by AFTREDE

UIT DIE FONDS in kontant omgeskakel het nie.

2.2 Betaling van Pensioene aan Kwalifiserende Gades en Kwalifiserende Kinders

2.2.1 Die KWALIFISERENDE GADE van ’n PENSIOENTREKKER gee aan die HOOFBEAMPTE van die FONDS onmiddellik na die dood van die PENSIOENTREKKER kennis van die PENSIOEN-TREKKER se afsterwe, lê ’n gewaarmerkte afdruk van die sterftesertifikaat voor en voorsien volle besonderhede aangaande die geboortedatums van kinders wat vir PENSIOENE in aanmerking kom. Na aanleiding hiervan vind die uitbetaling van die PENSIOENE ten opsigte van KWALIFISERENDE KINDERS plaas.

2.2.2 Die PENSIOENE aan KWALIFISERENDE GADES en KWALIFISERENDE KINDERS is maandeliks agterna betaalbaar. Die eerste paaiement is betaalbaar op die laaste dag van die maand wat volg op die maand waarin die PENSIOENTREKKER gesterf het, behalwe dat in die geval van ’n PENSIOENTREKKER wat binne vyf jaar vanaf die aanvangsdatum van sy PENSIOEN sterf, die betaling van sy PENSIOEN sal voortduur tot aan die einde van die vyfjaartydperk en die PENSIOEN betaalbaar aan ’n KWALIFISERENDE GADE of KWALIFISERENDE KINDERS, op die laaste dag van die maand wat volg op die einde van die vyfjaartydperk begin. Elke maandelikse paaiement is gelyk aan een-twaalfde van die jaarlikse bedrag van die PENSIOEN.

2.2.3 PENSIOENE aan KWALIFISERENDE GADES word betaal solank die KWALIFISERENDE GADE leef en die laaste paaiement is betaalbaar in die maand waarin die KWALIFISERENDE GADE te sterwe kom.

2.2.4 PENSIOENE aan KWALIFISERENDE KINDERS word betaal solank die kind ingevolge die omskrywing van KWALIFISERENDE KIND in klousule 1 van hierdie Aanhangsel daarop geregtig is.

2.2.5 PENSIOENE aan KWALIFISERENDE GADES en KWALIFISERENDE KINDERS word nie gekommuteer nie.

2.3 Pensioenverhogings

Die BEHEERLIGGAAM moet die vlak van PENSIOENE wat uit die FONDS aan PENSIOENTREKKERS, KWALIFISERENDE GADES en KWALIFISERENDE KINDERS betaal word, hersien en mag bepaal dat PENSIOENE verhoog word. Enige verhoging in PENSIOENE word aan PENSIOENTREKKERS, KWALIFISERENDE GADES en KWALIFISERENDE KINDERS betaal ingevolge die pensioenverhogingsbeleid wat van tyd tot tyd deur die BEHEERLIGGAAM, in oorlegpleging met die AKTUARIS, aangeneem is en is betaalbaar vanaf die datum uiteengesit in die pensioenverhogingsbeleid en onderworpe aan die minimum pensioenverhogings ingevolge die WET.

2.4 Bewys van oorlewing of voortgesette bevoegdheid

Elke PENSIOENTREKKER, KWALIFISERENDE GADE en KWALIFISERENDE KIND moet sodanige bewys van sy oorlewing of voortgesette bevoegdheid lewer soos wat die ADMINISTRATEURS mag vereis. Indien sodanige bewys nie gelewer word nie, mag die BEHEERLIGGAAM gelas dat betaling van die PENSIOEN opgeskort word totdat sodanige bewys gelewer word.

3. STERFTE VAN ’N PENSIOENTREKKER

3.1 Pensioene aan Kwalifiserende Gades

3.1.1 Indien ’n PENSIOENTREKKER te sterwe kom en ’n KWALIFISERENDE GADE nalaat, ontvang die KWALIFISERENDE GADE ’n PENSIOEN gelyk aan 70% van die PENSIOEN wat die PENSIOENTREKKER by sy dood ontvang het.

3.1.2 PENSIOENE betaalbaar aan KWALIFISERENDE GADES ingevolge hierdie klousule 3.1 word met 2 persent vir elke jaar wat die KWALIFISERENDE GADE meer as tien jaar jonger as die PENSIOENTREKKER was, verminder.

3.2 Pensioene aan Kwalifiserende Kinders

3.2.1 Indien ’n PENSIOENTREKKER te sterwe kom en KWALIFISERENDE KINDERS nalaat, word ’n PENSIOEN ten opsigte van elke KWALIFISERENDE KIND betaal.

3.2.2 Die bedrag van die PENSIOEN per kind is 20 persent van die PENSIOEN betaalbaar aan die KWALIFISERENDE GADE ingevolge klousule 3.1 van hierdie Aanhangsel, voor dit as gevolg van enige ouderdomsverskil meer as tien jaar verminder is. Indien geen PENSIOEN aan ’n KWALIFISERENDE GADE betaalbaar is nie, word die betrokke PENSIOENE aan KWALIFISERENDE KINDERS verdubbel.

4. PENSIOENREKENING

4.1 ’n Pensioenrekening word onder die FONDS in stand gehou, wat gekrediteer word met die bedrag, soos bereken deur die AKTUARIS, wat nodig is om die FONDS se aanspreeklikheid te befonds om PENSIOENE uit die FONDS te betaal aan PENSIOENTREKKERS, KWALIFISERENDE GADES en KWALIFISERENDE KINDERS. Sodanige bedrag word vermeerder of verminder met die BELEGGINGSOPBRENGS verdien op die bates in hierdie rekening. Enige tekort in die Pensioenrekening word deur die DEELHEBBERS, behalwe die DEELHEBBERS binne die verband van die Ned. Geref. Kerk in Vrystaat, as groep gedek.

4.2 PENSIOENE word uit die Pensioenrekening ingevolge klousule 2 en klousule 3 van hierdie Aanhangsel betaal.

4.3 Indien ’n PENSIOENTREKKER, KWALIFISERENDE GADE of KWALIFISERENDE KIND die opsie ingevolge klousule 5.1 van hierdie Aanhangsel uitoefen, dra die FONDS, op die datum van aankoop van die annuïteit of annuïteite, die bedrag waarna in klousule 5.2 van hierdie Aanhangsel verwys word, vanaf die Pensioenrekening na die betrokke VERSEKERAAR oor.

5. AANKOOP VAN PENSIOENE

5.1 Elke PENSIOENTREKKER, KWALIFISERENDE GADE en KWALIFISERENDE KIND mag die opsie uitoefen dat sy PENSIOEN as ’n annuïteit of annuïteite in sy naam van ’n VERSEKERAAR aangekoop word, mits die BEHEERLIGGAAM die keuse beskikbaar stel.

5.2 Die annuïteit of annuïteite aangekoop ingevolge hierdie klousule 5 is van sodanige bedrag as wat voorsien kan word met die aktuariële waarde van die PENSIOEN betaalbaar, soos bereken deur die AKTUARIS op die datum van die aankoop, gebaseer op die algemene veronderstellings uiteengesit in die jongste statutêre aktuariële waardasie maar met die inagneming van die werklike faktore van toepassing op die PENSIOENTREKKER, KWALIFISERENDE GADE of KWALIFISERENDE KIND op daardie datum.

5.3 Die bepalings en voorwaardes van toepassing op ’n annuïteit of annuïteite aangekoop ingevolge hierdie klousule 5, met inbegrip van die opsies uitgeoefen deur die PENSIOENTREKKER, KWALIFISERENDE GADE of KWALIFISERENDE KIND en die bepaling van enige voordele na aanleiding van sy dood, word ooreengekom tussen die VERSEKERAAR en die betrokke persoon en word skriftelik deur die VERSEKERAAR uiteengesit; met dien verstande dat:

(a) die annuïteit of annuïteite so aangekoop onderworpe is aan die bepalings van die Inkomstebelastingwet, 1962, die Langtermynversekeringswet, 1998, en enige vereistes van tyd tot tyd deur die BELASTINGOWERHEDE gespesifiseer;

(b) met die aankoop van die annuïteit of annuïteite ingevolge hierdie klousule 5, het die FONDS geen verdere aanspreeklikheid ten opsigte van die betrokke persoon nie; sodanige aanspreeklikheid berus by die VERSEKERAAR van wie die annuïteit of annuïteite aangekoop is.

6. PENSIOENWAARBORG

6.1 Indien ’n PENSIOENTREKKER binne vyf jaar van die aanvangsdatum van sy PENSIOEN sterf, word betaling van sy PENSIOEN voortgesit tot aan die einde van die vyfjaartydperk.

6.2 Indien ’n PENSIOENTREKKER binne vyf jaar van die aanvangsdatum van sy PENSIOEN sterf en geen KWALIFISERENDE GADE of KWALIFISERENDE KINDERS nalaat nie, mag die BEHEERLIGGAAM besluit, in plaas daarvan om die bepalings soos uiteengesit in klousule 6.1 van hierdie Aanhangsel te volg, dat die paaiemente van die PENSIOEN wat nog betaal moet word ingevolge daardie klousule, gekommuteer sal word vir sodanige enkelbedrag soos wat deur die AKTUARIS bepaal word en ingevolge Artikel 37C van die WET betaal word.

AANHANGSEL II
SPESIALE BEPALINGS VAN TOEPASSING OP KATEGORIE A LEDE

Nieteenstaande enige strydige bepalinge in hierdie REËLS is die volgende spesiale bepalings van toepassing op KATEGORIE A LEDE:

1. Geen verdere bydraes is deur of ten behoewe van sodanige uitgestelde LID betaalbaar nie, tensy die LID weer deur ’n DEELHEBBER in DIENS geneem word voor bereiking van die ouderdom van 65 jaar en weer ’n aktiewe LID van die FONDS word, in welke geval die waarde van die uitgestelde voordeel, soos bepaal in klousule 2 van hierdie Aanhangsel, onder die LID se FONDSKREDIET aangewend word.

2. Ten opsigte van ’n LID wat:
   (a) verplig was om op 1 April 2003 ’n lid van die Dutch Reformed Church Namibia Retirement Fund te word, is die waarde van sy uitgestelde voordeel gelyk aan sy opgelope belang in die FONDS op 1 April 2003, vermeerder of verminder met die BELEGGINGSOPBRENGS tot die BEREKENINGSDATUM;
   (b) na 1 April 2003 ’n lid van die Dutch Reformed Church Namibia Retirement Fund geword het, is die waarde van sy uitgestelde voordeel gelyk aan sy oordragwaarde wat bereken is ingevolge ’n oordragwaardetabel saamgestel deur die AKTUARIS, op die datum waarop die LID ’n lid van die Dutch Reformed Church Namibia Retirement Fund geword het, vermeerder of verminder met die die BELEGGINGSOPBRENGS tot die BEREKENINGSDATUM; met dien verstande dat die LID se uitgestelde voordeel nie minder sal wees nie as die LID se MINIMUM INDIVIDUELE RESERWE soos omskryf in die WET en soos bepaal deur die AKTUARIS deur gebruik te maak van metodes en veronderstellings soos deur die REGISTRATEUR by kennisgewing in die Staatskoerant voorgeskryf.

3. Die uitgestelde voordeel is betaalbaar op die datum waarop die LID onder die Dutch Reformed Church Namibia Retirement Fund aftree. Die waarde van die uitgestelde voordeel, soos bepaal in klousule 2 van hierdie Aanhangsel, word op die datum van aftrede aangewend om, na die uitoefening van enige opsie ingevolge Reël 5.4 en soos gekies deur die LID:
   (a) ’n annuïteit of annuïteite van ’n VERSEKERAAR aan te koop ingevolge Reël 5.3.1; en/of
   (b) ’n LEWENDE ANNUÏTEIT te voorsien ingevolge Reël 5.3.2.
   Die bepalings van Reël 5.3 geld, mutatis mutandis, vir die aankoop van sodanige annuïteit of annuïteite, of die voorsiening van sodanige LEWENDE ANNUÏTEIT, na gelang van die geval.

4. Indien sodanige uitgestelde LID voor die uitgestelde voordeel betaalbaar is, bedank of sy pos afgeskaf word as predikant onder die Dutch Reformed Church Namibia Retirement Fund, word hy geregtig op een van die volgende voordele, na gelang van sy keuse:
   (a) ’n enkelbedragvoordeel gelyk aan die waarde van sy uitgestelde voordeel, soos bepaal in klousule 2 van hierdie Aanhangsel; of
   (b) pleks van die enkelbedragvoordeel ingevolge (a) hierbo, mag sodanige LID kies dat die totale voordeel ingevolge (a) hierbo of, onderworpe aan (ii) hieronder, ’n deel daarvan na ’n ander GOEDGEKEURDE PENSIOENFONDS, ’n GOEDGEKEURDE VOORSORGFONDS, ’n PENSIOENBEWARINGSFONDS of ’n GOEDGEKEURDE UITTREDINGSANNUÏTEITSFONDS oorgedra word en dat die restant van die voordeel ingevolge (a) hierbo, indien enige, aan hom betaal word as ’n enkelbedragvoordeel; met dien verstande dat:
      (i) in geval van oordrag na ’n GOEDGEKEURDE VOORSORGFONDS, die bedrag wat so oorgedra word verminder sal word deur enige belasting wat daarop betaalbaar is; en
      (ii) oordrag na ’n PENSIOENBEWARINGSFONDS onderworpe is aan die vereistes soos van tyd tot tyd deur die BELASTINGOWERHEDE uiteengesit; of
   (c) pleks van die voordele ingevolge (a) of (b) hierbo, mag ’n LID kies om ’n uitgestelde voordeel te ontvang wat te eniger tyd na die bereiking van die ouderdom van 55 jaar, by die LID se AFTREDE UIT DIE FONDS ’n aanvang neem. Die waarde van die uitgestelde voordeel, soos bepaal in klousule 2 van hierdie Aanhangsel, word by AFTREDE UIT DIE

FONDS aangewend om, na die uitoefening van enige opsie ingevolge Reël 5.4 en soos gekies deur die LID:

(i) 'n annuïteit of annuïteite van 'n VERSEKERAAR aan te koop ingevolge Reël 5.3.1; en/of

(ii) 'n LEWENDE ANNUÏTEIT te voorsien ingevolge Reël 5.3.2.

Die bepalings van Reël 5.3 geld, *mutatis mutandis,* vir die aankoop van sodanige annuïteit of annuïteite, of die voorsiening van sodanige LEWENDE ANNUÏTEIT, na gelang van die geval.

By sterfte voor AFTREDE UIT DIE FONDS geld die bepalings van klousule 6 van hierdie Aanhangsel. Klousules 1 en 5 van hierdie Aanhangsel is ook op sodanige LEDE van toepassing; of

(d) indien die LID se dienste by die Ned. Geref. Kerk in Namibië as gevolg van die afskaffing van sy pos beëindig word en die LID jonger as 55 jaar is en minstens 10 jaar PENSIOENGEWENDE DIENS onder die FONDS op die datum van beëindiging van sy dienste voltooi het, mag die LID kies dat die voordeel ingevolge (a) hierbo deur die FONDS aangewend word om, na die uitoefening van enige opsie ingevolge Reël 5.4 en soos gekies deur die LID:

(i) 'n annuïteit of annuïteite van 'n VERSEKERAAR aan te koop ingevolge Reël 5.3.1; en/of

(ii) 'n LEWENDE ANNUÏTEIT te voorsien ingevolge Reël 5.3.2.

Die bepalings van Reël 5.3 geld, *mutatis mutandis,* vir die aankoop van sodanige annuïteit of annuïteite, of die voorsiening van sodanige LEWENDE ANNUÏTEIT, na gelang van die geval.

5. Indien sodanige uitgestelde LID voor die uitgestelde voordeel betaalbaar is, 'n lid word van 'n SINODALE PENSIOENFONDS, sal die waarde van sy uitgestelde voordeel, soos bepaal ingevolge klousule 2 van hierdie Aanhangsel, na sodanige fonds oorgedra word.

6. Indien sodanige uitgestelde LID voor die uitgestelde voordeel betaalbaar is, sterf, word 'n annuïteit of annuïteite betaalbaar van sodanige bedrag as wat aangekoop kan word met daardie deel van die waarde van sy uitgestelde voordeel, soos bepaal ingevolge klousule 2 van hierdie Aanhangsel, wat enige bedrag waarna in Reël 17.9 verwys word oorskry; met dien verstande dat die persoon of persone geregtig op die voordeel die opsie mag uitoefen om die voordeel of 'n deel van sodanige voordeel in kontant om te skakel. Betaling van die sterftevoordeel word ingevolge Artikel 37C van die WET gedoen en die bepalings van Reël 6.1.2 is van toepassing op 'n annuïteit wat ingevolge hierdie klousule betaalbaar word.

7. Sodanige uitgestelde LID mag te eniger tyd voor die uitgestelde voordeel betaalbaar is, die opsie uitoefen om die waarde van sy uitgestelde voordeel, soos bepaal ingevolge klousule 2 van hierdie Aanhangsel, na die Dutch Reformed Church Namibia Retirement Fund of 'n GOEDGEKEURDE UITTREDINGSANNUÏTEITSFONDS oor te dra, waarna die FONDS geen verdere verpligting teenoor sodanige LID sal hê nie.

8. Nieteenstaande die bepalings van klousule 6 van hierdie Aanhangsel, mag 'n KWALIFISERENDE GADE geregtig op 'n voordeel ingevolge klousule 6 van hierdie Aanhangsel kies dat die voordeel wat ingevolge klousule 6 van hierdie Aanhangsel aangewend sou word om sodanige annuïteit of annuïteite aan te koop, of 'n gedeelte van sodanige voordeel, toegeken word aan die KWALIFISERENDE GADE se INDIVIDUELE LEWENDE ANNUÏTEIT SUBREKENING en, onderworpe aan die bepalings van Reël 18, aangewend word om 'n LEWENDE ANNUÏTEIT te voorsien.

AANHANGSEL III
SPESIALE BEPALINGS VAN TOEPASSING OP KATEGORIE B LEDE

Nieteenstaande enige strydige bepalinge in hierdie REËLS is die volgende spesiale bepalings van toepassing op KATEGORIE B LEDE:

1. Sodanige LID mag kies dat sy AFTREDE UIT DIE FONDS te eniger tyd na die bereiking van die ouderdom van 55 jaar plaasvind.

2. By AFTREDE UIT DIE FONDS, word
   (a) die waarde van sodanige LID se opgehoopte belang in die FONDS, soos bepaal op die datum van sy uitdienstreding ingevolge 'n oordragwaardetabel wat van tyd tot tyd deur die FONDS se AKTUARIS saamgestel word, vermeerder of verminder met die BELEGGINGSOPBRENGS tot die BEREKENINGSDATUM; of
   (b) indien groter, sodanige LID se MINIMUM INDIVIDUELE RESERWE;
   aangewend om, na die uitoefening van enige opsie ingevolge Reël 5.4 en soos gekies deur die LID:
      (i) 'n annuïteit of annuïteite van 'n VERSEKERAAR aan te koop ingevolge Reël 5.3.1; en/of
      (ii) indien die LID aan die KWALIFISERENDE VEREISTES voldoen, 'n LEWENDE ANNUÏTEIT te voorsien ingevolge Reël 5.3.2.
   Die bepalings van Reël 5.3 geld, *mutatis mutandis,* vir die aankoop van sodanige annuïteit of annuïteite, of die voorsiening van sodanige LEWENDE ANNUÏTEIT, na gelang van die geval.

3. Indien sodanige LID voor AFTREDE UIT DIE FONDS sterf, word 'n annuïteit of annuïteite betaalbaar van sodanige bedrag as wat aangekoop kan word met daardie deel van die waarde van sy opgehoopte belang in die FONDS, soos bepaal ingevolge klousule 2 van hierdie Aanhangsel, wat enige bedrag waarna in Reël 17.9 verwys word oorskry; met dien verstande dat die persoon of persone geregtig op die voordeel die opsie mag uitoefen om die voordeel of 'n deel van sodanige voordeel in kontant om te skakel. Betaling van die sterftevoordeel word ingevolge Artikel 37C van die WET gedoen en die bepalings van Reël 6.1.2 is van toepassing op 'n annuïteit wat ingevolge hierdie klousule betaalbaar word.

4. Sodanige LID mag te eniger tyd voor sy AFTREDE UIT DIE FONDS ingevolge klousule 1 van hierdie Aangangsel, die opsie uitoefen om die waarde van sy opgehoopte belang in die FONDS, soos bepaal ingevolge klousule 2 van hierdie Aanhangsel, na 'n GOEDGEKEURDE UITTREDINGS-ANNUÏTEITSFONDS oor te dra, waarna die FONDS geen verdere verpligting teenoor sodanige LID sal hê nie.

5. Nieteenstaande die bepalings van klousule 3 van hierdie Aanhangsel, mag 'n KWALIFISERENDE GADE geregtig op 'n voordeel ingevolge klousule 3 van hierdie Aanhangsel kies dat die voordeel wat ingevolge klousule 3 van hierdie Aanhangsel aangewend sou word om sodanige annuïteit of annuïteite aan te koop, of 'n gedeelte van sodanige voordeel, toegeken word aan die KWALIFISERENDE GADE se INDIVIDUELE LEWENDE ANNUÏTEIT SUBREKENING en, onderworpe aan die bepalings van Reël 18, aangewend word om 'n LEWENDE ANNUÏTEIT te voorsien.

22 Augustus 2023
Saamgevoeg deur ds Bossie Minnaar (Hoofbeampte)

Swart: Oorspronklike reëls en Reëlwysigings 1 tot 6
Blou: Reëlwysiging 7: Geldig vanaf 1 Januarie 2018
Pers: Reëlwysiging 8: Geldig vanaf 1 Maart 2018
Rooi: Reëlwysiging 9: Geldig vanaf 1 September 2021
Groen: Reëlwysiging 10: Geldig vanaf 1 Mei 2023